24. Teologiese Skool en Opleiding

24.1 RAPPORT KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM (Artt 140, 142)

A. Die voorsitter, ds SD Snyman, verwelkom mev A Moerdyk, Registrateur van die Teologiese Skool, in die vergadering.
B. Dr DG Breed lewer die rapport.
C. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
D. **Besluit:** Kennis geneem van die rapport in sy geheel.

E. **RAPPORT**

1. Opdrag

Die Kuratorium van die Teologiese Skool Potchefstroom behartig die beheer en toesig oor die diens van opleiding wat deur die professore van die Teologiese Skool Potchefstroom verrig word, asook die toesig oor die teologiese studente *(Prospektus van die Teologiese Skool van die GKSA Potchefstroom 1997:Hoofstuk 3) (vgl Acta 1988:400-403).*

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Die Kuratorium*

2.1.1 Kuratore

Die konstituering van die Kuratorium het op 12 Januarie 2009 plaasgevind.

Prof A le R du Plooy het op 31 Desember 2009 ooreenkomstig die reëling van die Kuratore geëmeriteer en die Beroepingsvergadering is opgeroep vir ‘n vergadering om ‘n professor in Kerkreg te beroep. Die Beroepingsvergadering het op 11 November 2009 plaasgevind en prof J Smit is as professor in Kerkreg beroep, hy is op 31 Januarie 2010 bevestig.

Mnr E Baloyi het 'n pos by die Bybelgenootskap aanvaar en daar het vanaf 1 Januarie 2010 'n vakature in die vakgroep Ou Testament ontstaan. Die pos kon of deur die Fakulteit self of by wyse van beroeping van 'n predikant gevul word, soos die ooreenkoms tussen die NWU en die GKSA dit reël. Op aanbod van die Fakulteit Teologie het die November 2009-Kuratorevergadering besluit om die pos by wyse van beroeping te vul. Die Beroepingsvergadering het op 11 November 2009 plaasgevind en prof LH Moretsi is as professor in Ou Testament beroep. Hy is op 30 Januarie 2010 bevestig.

Die Fakulteit Teologie het ‘n nuwe navorsingspos, ‘n professoraat in Semitiese Tale geskep en prof HF van Rooy het op versoek van die NWU en met goedkeuring van die Kuratore die oorplasing aanvaar. Op grond van die feit dat prof LH Moretsi by navraag sy voorkeur daartoe uitgespreek het, is goedgekeur dat prof Moretsi se leeropdrag, steeds binne die vakgroep Ou Testament, verander word tot 50% Ou Testament en 50% Semitiese Tale. In die lig hiervan word die posprofiel van die vakante leerstoel (dié van prof HF van Rooy) gewysig tot ‘n pos in Ou Testament. Tydens ‘n Beroepingsvergadering op 18 November 2010 is prof PC van der Walt beroep as professor in Ou Testament. Hy is op 5 Februarie 2011 bevestig as professor.

Prof BJ de Klerk het op 31 Desember 2010 geëmeriteer en die Beroepingsvergadering is opgeroep om ‘n professor in Praktiese Teologie te beroep. Die Beroepingsvergadering het op 18 November 2010 plaasgevind en prof G Breed is as professor in Praktiese Teologie beroep; hy is op 5 Februarie 2011 bevestig.

2.1.2 Verkiesing van voorsitter van die Kuratore 2009

Dr DG Breed is verkies as Voorsitter van die Kuratore en dr HG Stoker as Ondervoorsitter. Ds MA Modise is as lid van die Dagbestuur verkies. Ds PA Coetzee is as Skriba verkies en finansies is opgedra aan ds EJ Tiemensma.

2.1.3 Verkiesing van verteenwoordiger op die Raad van die NWU

Agtergrond: Uittreksel uit NWU-Statuut

Hoofstuk 2

BEHEERSTRUKTURE EN ANDER STRUKTURE VAN DIE UNIVERSITEIT RAAD

Samestelling en lidmaatskap

4. (1) Ten einde uitvoering aan artikel 27 van die Wet te gee, in die besonder dat minstens 60% van die lede van die raad nie in diens of studente van die Universiteit moet wees nie, en dat lede persone moet wees met kennis en ervaring wat toepaslik vir die Universiteit is en in die beste belang van die Universiteit aan die oorlegplegings van die raad moet deelneem, met dien verstande dat die nodige sensitiwiteit vir ras en geslag aan die dag gelê word en dat geen persoon in meer as een hoedanigheid in die Raad dien nie, bestaan die Raad uit –

(j) vier persone wat ooreenkomstig die Reëls uit die geledere van die Universiteit se gemeenskapsleiers aangewys is;

Die Kampusrektor, prof HD van Schalkwyk het die Dekaan van die Fakulteit Teologie, prof JJ Janse van Rensburg meegedeel dat dit nie kragtens die Statuut moontlik is dat die Potchefstroom-kampus 'n liggaam (soos die Kuratore) kan vra om iemand op die Raad van die NWU aan te wys nie, maar dat daar 'n oop nominasieproses is, en dat die Uitgebreide Bestuurskomitee (UBK) van die Potchefstroom-kampus die nominasies sal beoordeel. Na oorlegpleging deur prof Janse van Rensburg met 'n Potchefstroom-gebaseerde lid van die Kuratore Dagbestuur, ds PA Coetzee, en met 'n Raadslid, prof Elmarie van der Schyff, het hy besluit om, met die twee genoemde persone as sekondant en met die instemming van die genomineerde, dr DG Breed in die kategorie "Gemeenskapsleiers" te nomineer as NWU-Raadslid. Die UBK het dr DG Breed se voorgestelde benoeming goedgekeur, vir voorlegging aan die NWU-Raad wat dit ook goedgekeur het.

2.2 *Die Senaat TSP*

2.2.1 Rektoraat

Prof BJ de Klerk het op 31 Desember 2009 as Rektor van die Teologiese Skool uitgetree. Die Kuratorium het sy dankbaarheid teenoor prof De Klerk uitgespreek vir die wyse waarop hy as Rektor van die Teologiese Skool gedien het. Prof GJC Jordaan (viserektor vanaf 2007 tot 2009) is as Rektor aangewys vanaf 1 Januarie 2010 tot 31 Desember 2012. Prof RS Letšosa is vir dieselfde termyn aangewys as viserektor.

2.2.2 Doserende personeel

2.2.2.1 *Publikasies, konferensies en seminare*

Sien Bylae A.

2.2.2.2 *Vakatures*

Daar bestaan tans (Mei 2011) geen vakatures by die Teologiese Skool.

2.2.2.3 *Emeritaat*

Desember 2009: Prof A le R du Plooy
Desember 2010: Prof BJ de Klerk
Desember 2011: Proff CFC Coetzee en JM Vorster

2.2.3 Administratiewe personeel

Die volgende administratiewe personeel is tans in diens van die TSP en die Fakulteit Teologie (waar die GKSA 'n finansiële bydrae tot die salaris maak, is dit aangedui):

Registrateur: Mev A Moerdyk (50% TSP)

Persoonlike Assistent van die Registrateur: Mnr MJ Bornman (40% TSP)

Persoonlike Assistent van die Rektor TSP: Mev A van Schaik (50% TSP)
Persoonlike Assistent van die Dekaan: Mev E Brazer (50% TSP)
Persoonlike Assistent van die Skooldirekteur Kerkwetenskappe: Mev N Bothma (100% TSP)
Persoonlike Assistent van die Skooldirekteur Bybelwetenskappe en Antieke Tale: Mnr C Louw
Persoonlike Assistent van die Skooldirekteur Voortgesette Teologiese Studie: Mev T v d Merwe
Persoonlike Assistent van die Navorsingsdirekteur: Mev A Liebenberg

2.2.4 Ander personeel by TSP

Bibliotekaris Jan Lion-Cachet Biblioteek: Mev G van Rooyen (personeellid van Ferdinand Postma Biblioteek, NWU) (67,5% TSP)

2.2.5 Internasionale akademici deur die Senaat ontvang

Sien Bylae B.

2.2.6 Studente

2.2.6.1 *Afgestudeerde studente*

Die volgende studente het sedert Sinode 2009 die Kandidaatstudie voltooi:
November 2009: Brs DV Correia, D Kotzee, W Jobse, GJ Niemann, KP Steyn, WJ Steyn, JG van der Walt.
November 2010: Brs CB Robinson, FJ Potgieter.
Die volgende studente is in 2011 in die finalejaar van die Kandidaatstudie: Brs MJ Nkili, JJ de Bruyn, AJ Dednam, PGP le Roux, JL Lee, SJL Linde, HFR Pelser, N Pienaar, GJJ van der Merwe en GP van Rhyn.
Die Kuratore het aan die volgende broeders toestemming verleen om eers verder voltyds te studeer voordat hulle aangemeld het vir eksaminering deur 'n Streeksinode: Brs AJ Coetsee (MTh in Nuwe Testament), E Coetzer (MTh in Nuwe Testament), G Mushayabasa (MTh in Semitiese Tale) en FJ van Rensburg (MTh in Ou Testament).

2.2.6.2 *Kandidaats 1 tot 6 studente*

Die getal Kandidaatstudente in 2011 is soos volg:
Kandidaats 1: 14
Kandidaats 2: 17
Kandidaats 3: 10
Kandidaats 4: 3
Kandidaats 5: 8
Kandidaats 6: 10

2.2.6.3 *Staking van studies*

2009: Brs JL Coetzer, J Steyn, M Diedericks, SWB Malan, CdW Coetsee, JJ Blomerus
2010: Brs D February, SD de Kock, H Verryn
2011: Br NM Makhonza, J Pretorius.

2.2.6.4 *Dissiplinêre sake*

Vier broers se kandidaatsstudies is in 2009 op aanbeveling van die TSP Senaat getermineer agv swak akademiese prestasie.
Een broer se kandidaatsstudies is in 2010 op aanbeveling van die TSP Senaat getermineer agv swak akademiese prestasie.
Daar is ook in 2009-2010 dissiplinêr deur die NWU opgetree teen twee Kandidaatstudente. Die Kuratore Dagbestuur het 'n selfstandige ondersoek gedoen en bevind dat volstaan word met die bevinding en afhandeling van die saak deur die NWU. Pastorale gesprekke is met albei die broers gevoer, en hulle kon die betrokke module in die daaropvolgende jaar (2010) herhaal.

2.2.6.5 *Wysiging in samestelling van Kandidaatstudie – Nuwe graadstruktuur soos nasionaal deur FUTE voorgestel word ogv die Departement van Onderwys se Die*

Hoëronderwyskwalifikasieraamwerk (HOKR) (Staatskoerant, 5 Oktober 2007, 30353:3-29) – Implikasies vir die Kandidaats I-VI van die TSP en die kwalifikasieprogramme van die Fakulteit Teologie van die NWU

2.2.6.5.1 Agtergrond

'n Nuwe graadstruktuur soos nasionaal deur FUTE voorgestel gaan word ogv die Departement van Onderwys se *Die Hoëronderwyskwalifikasieraamwerk* (HOKR) (Staatskoerant, 5 Oktober 2007, 30353:3-29) het implikasies vir die Kandidaats I-VI van die TSP. Voorstelle in hierdie verband sal in die Aanvullende Rapport vervat word.

2.2.6.5.2 Die Hons BTh en die Kandidaats IV

Die nuwe HOKR het ook 'n saak wat vroeër al wou-wou oppervlakte toe kom, nou volledig duidelik laat word: 'n honneursprogram moet spesialisasie behels. Die benaming van ons huidige Hons BTh-program kan dus nie langer bly voortbestaan nie. Soos die geval was by die MDiv / Kand V: daar is by ons nie onsekerheid oor die doel, uitkoms en inhoud van die program nie. Die probleem raak slegs die wetlik-toelaatbare benaming van die Universiteit-kwalifikasie; die gelyklopende Kandidaats IV is dus nie in gedrang nie. Noudat die nuwe HOKR in die Staatskoerant gepubliseer is, is dit ook hier moontlik om die kwalifikasieprogram wat ons benodig, korrek te benoem. En ná Communiqué 3 kan ons voortgaan om die nuwe kwalifikasies te registreer via die IKAS-proses.

2.2.6.5.3 MDiv en Kandidaats V

Dit is nou al etlike jare dat dit sowel plaaslik as nasionaal duidelik is dat die MDiv-graad nie sal kan bly voortbestaan nie, aangesien voorsien is dat die nasionale definiëring van 'n M-graad noodwendig 'n beduidende komponent navorsing moet insluit. By ons (NWU en TSP) is daar nie onsekerheid oor die doel, uitkoms en inhoud van die program nie; dit staan dus vir ons vas. Die probleem raak slegs die wetlik-toelaatbare benaming van die Universiteit-kwalifikasie; die gelyklopende Kandidaats V is dus nie in gedrang nie. Noudat die nuwe HOKR in die Staatskoerant gepubliseer is, is dit moontlik om die kwalifikasieprogram wat ons benodig, korrek te benoem. En nou, ná Communiqué 3 kan voortgegaan word met die proses om die nuwe kwalifikasies te registreer via die IKAS-proses.

2.2.6.5.4 Die MTh en Kandidaats VI

Die vereistes vir alle M-grade is duidelik uiteengesit in die nuwe HOKR, en dit het slegs krediet-implikasies vir die MTh. Die Kandidaats VI word nie geraak nie. Die nodige aanpassing moet dus aan die MTh gemaak word.

Nuwe kwalifikasiematriks (vir implementering in 2013)



2.2.6.5.5 Toeligting

Kandidaats 1-4 = BD

'n Vierjarige professionele graad, 4 x 128 = 512 krediete. Dit is 'n nuwe kwalifikasie wat 'n samevoeging van die huidige BTh Bybeltale en die Hons BTh is, en gelyklopend met die Kand I-IV is. Die BD moet egter ook 'n tweede kurrikulum bevat, pasklaar gemaak vir persone wat ná die BD hulle studie aan UP, US of UVS wil voorsit. Persone wat die BD met ten minste 60% behaal, het toegang tot die MA.

Kandidaats 5 = NG Dip (Christelike Teologie)

'n Eenjarige nagraadse diploma (128 krediete, almal op Vlak 8). Dit is 'n nuwe kwalifikasie wat die doel, uitkomste en inhoud van die huidige MDiv (en dus Kandidaats V) bevat. Persone wat hierdie kwalifikasie met ten minste 60% behaal, het toegang tot die MTh of die NG Dip (Christelike Bediening).

Kandidaats 6 = NG Dip (Christelike Teologie en Bediening)

'n Eenjarige nagraadse diploma (128 krediete, waarvan ten minste 68 op vlak 9 en die res op vlak 8). Dit is 'n nuwe kwalifikasie wat die doel, uitkomste en inhoud van die huidige Kandidaats VI bevat en 64 krediete van die huidige MTh. Die NG Dip (Christelike Teologie en Bediening) se modules konstitueer 128 krediete van die nuwe MTh.

2.2.6.5.6 Implikasies vir die Kandidaats I-VI

Die implementering van die nuwe graadstruktuur hoef nie wesenlike implikasies vir die doel, uitkoms en inhoud van die Kandidaats I tot VI te hê nie. Die oorleg met die Senaat van die TSP het reeds plaasvind, en in Junie 2008 is die bostaande deur die Kuratore goedgekeur. Wat nog nuut vermeld moet word, is dat 'n kwalifikasie

geregistreer word om ook vir die Kandidaats 6-modules kwalifikasie-erkenning te gee, en die toevoeging tot die Kandidaats V van ‘n module in navorsingsmetodologie.

2.2.6.5.7 Enkele aanpassings aan die reeds-goedgekeurde BDiv en Nagraadse Diplomas, asook aan die gelyklopende Kandidaatsertifikaat, soos goedgekeur deur die November 2009-Kuratorevergadering

Die Kuratore en die Fakulteit Teologie het in Junie 2008 'n veranderde Kandidaatsprogram goedgekeur, sodat die Kandidaats 1-4 volledig sinkroniseer met die nuwe voorgestelde vierjarige BDiv-graad, en die Kandidaats 5 en 6 onderskeidelik met die Nagraadse Diploma in Christelike Teologie (NGDip [Christelike Teologie]) en die Nagraadse Diploma in Christelike Teologie en Bediening.

Nadat die Kuratore en die Fakulteit Teologie in Junie 2008 'n veranderde Kandidaatsprogram goedgekeur het, het dit intussen aan die lig gekom dat die Universiteit deur die Hoër Onderwys Kwalifikasie Raamwerk (HOKR) verplig is om in die vierde jaar van die BDiv (HOKR Vlak 8, in vlakbeskrywer gelykstaande aan Honneurs), 'n navorsingskomponent (van ten minste 30 krediete) in te sluit. Dit beteken dat die navorsingskomponent wat beplan was vir Kandidaats 5 (die huidige MDiv, en toekomstige NGDip [Christelike Teologie]) vanaf die 5de jaar na die vierde jaar moet skuif. Dit veroorsaak dat sekere modules wat tans in die Kandidaats 2-4 (= BDiv 2-4) voorkom, moet ruil met hierdie betrokke navorsingskomponent wat tans vir Kandidaats 5 (= NGDip [Christelike Teologie]) vereis word.

Wat die Kandidaatsertifikaat betref, is daar geen inhoudelike verandering nie; dit is bloot 'n geval van die skuif van enkele modules vanaf jaarvlak 2-4 na 5, en omgekeerd.

2.3 *Algemene sake wat die Kuratorium hanteer het*

2.3.1 Eksterne programevaluering van Kandidaats 4-program

Die eksterne program-evalueringsverslag van die Hons BTh, wat ooreenkom met die Kandidaats 4, is op 11 November 2009 vanaf die institusionele kwaliteitskantoor van die NWU ontvang. Aksieplanne tov die eksterne program-evalueringsverslag van die Kandidaats 4 (Hons BTh) -program is in verrekeningsproses.

2.3.2 Buitengewone toelatings tot die bediening

Aansoeke is van brs JF Mouton en E Naude ontvang waarin hul aansoek doen om beroepbaarstelling in die GKSA. Beide was NG predikante. Hulle het suksesvolle colloquia afgelê en die voorgeskrewe preke geslaag op grond waarvan besluit is om die Kandidaat-sertifikaat aan hulle toe te ken.

Verdere aansoeke is van kandidate ontvang wat tans besig is om volgens die voorskrifte van die TSP Senaat sekere akademiese en praktiese werk te doen met die oog op die verwerwing van die Kandidaatsertifikaat.

2.3.3 Nuwe Bybelvertaling

Die Kuratore het in Junie 2004 kennis geneem van die besluit van die Bybelgenootskap om voort te gaan met ‘n nuwe brontaalgerigte vertaling van die Bybel in Afrikaans waarby van die professore aan die TSP vir die volgende 10 jaar waarskynlik betrokke sal wees. Hierdie besluit is met groot dankbaarheid ontvang, aangesien die GKSA via sy sinodale deputate al 10 jaar gelede by die BGSA die versoek tot so ’n vertaling gerig het. Die Kuratorium het hom in beginsel bereid verklaar om professore van die TSP vir sodanige vertaalprojek beskikbaar te stel binne die raamwerk wat deur die BGSA voorgestel word.

Die professore wat betrokke is by die Bybelvertaling is: proff JJ Janse van Rensburg, GJC Jordaan, PP Krüger, HF van Rooy en FP Viljoen. Die verwagting is dat bogenoemde professore vanaf 2009 tot 2015 van tyd tot tyd volgens ‘n program van die Bybelgenootskap aktief by die vertaling betrokke gaan wees.

Die Kuratore wil graag die kundigheid van sy biblioloë en brontaalkenners tot beskikking van die Bybelgenootskap (en dus die kerke) stel. Dit is nodig dat daar deur middel van *locum tenentes* voldoende werkslasvermindering plaasvind. Vir hierdie *locum tenentes* moet begroot word deur die Deputate Bybelvertaling, aangesien die honoraria wat die Bybelgenootskap aan die betrokkenes betaal, beskou word as blote honoraria vir die persoonlike tyd wat deur die projek in beslag geneem word.

Die Kuratore versoek die Sinode om ter wille van die vertaling van die boeke van die Bybel, aan die Deputate Bybelvertaling opdrag te gee om vir *locum tenentes* te begroot vir die jare 2012 tot 2015, soos gebeur het tot 2011. Die bedrag word jaarliks in Februarie aan die TSP oorbetaal, op aanbeveling van die Rektor TSP.

2.3.4 Kuratore Program-evaluering (KPE)

Die Kuratore se verantwoordelikheid is onder meer om toesig te hou oor die kwaliteit, regsinnigheid en toereikendheid van die Kandidaats-program. Baie fasette van die kwaliteitsversekering en –kontrole behartig die Kuratore saam met die Fakulteit Teologie van die NWU, binne die Interne en Eksterne Program-evaluering-prosesse (die IPE- en EPE-prosesse).

Die regsinnigheids- en toereikendheidskontrole van die Kandidaatsprogam kan egter nie binne die IPE- en EPE-prosesse hanteer word nie. Daarom is dit nodig dat die Kuratore ’n proses vir regsinnigheids- en toereikendheidsversekering en kontrole in werking stel.

Skedule

Tydens elke termyn van die Kuratore word die KPE (Kuratore ProgramEvaluering) volgens ‘n roterende skedule afgehandel: een termyn van die Kuratore doen die programevaluering volgens die kandidaats 1-6-program en die volgende termyn van kuratore doen dit volgens die onderskeie vakgroepe.

Die KPE-vergaderings waartydens die Kuratore oor hulle evaluering van die modules verslag gedoen het, het op Dinsdag 8 Junie 2010 plaasgevind. Die UK Senaatsvergadering het besluit om die volledige verslag na die skooldirekteure te verwys met die versoek dat elke skooldirekteur die aanbevelings wat betrekking het op sy skool se modules in ‘n sinoptiese dokument sal vervat, met ‘n aanbeveling oor of en hoe die betrokke aanbeveling verreken moet word, met aanduiding van die verantwoordelike persoon.

Die Kutore Dagbestuur het met dank kennis geneem van die aksieplanne soos deur die Dagbestuur van die Fakulteit en die UK Senaat goedgekeur; en die Kuratore wat by die evaluering van die studiegidse betrokke was, versoek om oor die aksiestappe wat tov die betrokke modules onderneem word, te oordeel en ’n Rapport voor te berei vir die Junie-Kuratorevergadering. Kyk Aanvullende Rapport.

2.3.5 Teologiese opleiding vir Afrika

Sinode 2003 het soos volg besluit (Acta:730, 24.3):

“Dat onderneem word om dringend en ernstig te herbesin oor opleiding van predikante in die GKSA, in die lig van die kritieke bedieningsnood in veral swart, landelike en “township”-gemeentes.”

Dat die Kuratore saam met die opleidingsentra ondersoek doen op watter wyse kandidate opgelei kan word met die hulp en toesig van meerdere vergaderings in die gebied waar die kandidate woon, onder andere deur die gebruikmaking en uitbreiding van die Telematiese Leersisteme van die Fakulteit Teologie.”

Ten opsigte van alternatiewe wyses van opleiding het die Kuratore kennis geneem van die probleme tov opleiding van predikante en die bedieningsnood in Suidelike Afrika en Afrika, asook die geleenthede wat dit bied. Die Kuratore het ook kennis neem van die besinning wat internasionaal plaasvind oor predikantsopleiding, van die verskillende modelle wat gevolg kan word en van die spesifieke modelle wat voorgestel is om die nood en geleenthede aan te spreek. Die Kuratore het ingegaan op die modelle wat voorgehou is en

moontlik ander modelle ten opsigte van alternatiewe predikantsopleiding naas die huidige opleiding geevalueer, en ingegaan op die invloed wat sodanige modelle op kandidaatsopleiding kan hê. Daaruit het die voorstel by Sinode 2009 voortgevloei dat deputate vir die Toerusting van Ouderlinge en hulp aan kerke met die uitdra van die evangelie, saamgestel is.

2.3.6 Toesig oor indiensopleidingsentra

Die Kommissie wat uit die geledere van die Kuratore aangewys is om die voortdurende toesig oor die indiensopleidingsentra te behartig, gaan steeds met die opdrag voort. Die Kuratore ontvang jaarliks verslag van die Kommissie. Die Kuratorium handhaaf die opdragte en rigting wat in die besluite van die Nasionale Sinode 1994 gegee is ten opsigte van die opleiding van predikante (kyk Acta 1994:699, 5.2).

2.3.7 Finansies

2.3.7.1 *Finansiële state en begrotings sal deur die Administratiewe Buro verskaf word.*

2.3.7.2 *Oorbetalings van kollektes aan die Teologiese Studente Kas*

Die Kuratore versoek dat kerkrade toesien dat die oorbetaling van kollektes aan die Teologiese Studente Kas op gereelde basis moet plaasvind.

2.3.8 Versorging van Emeriti

Die Kuratore van die Streeksinodes waar die emeritus of weduwee nou woonagtig is, is versoek om hul jaarliks te besoek en aan die Junie-Kuratorevergadering skriftelik te rapporteer oor hulle welstand en versorging. Indien daar versorgingsnood ontstaan, sal daar tydens die Kuratorevergadering daarvoor begroot word.

2.3.9 Aftree-ouderdom van professore

Junie 2010 het die Kuratore ’n Rapport (vgl Bylae C) aangaande die aftree-ouderdom van professore aan die TSP goedgekeur. Die Senaat het by die Kuratorevergadering van November 2010 ’n Beswaarskrif (vgl Bylae D) teen die besluit van die Kuratore ingedien. Die Kuratore het ’n Kommissie aangewys om die Beswaarskrif grondig te bestudeer en te beantwoord. Die Kommissie moet op die Junie 2011 vergadering van die Kuratore terugrapporteer (vgl Aanvullende Rapport).

2.3.10 Rapport oor nuwe Teologie-gebou, en herinrigting en opgradering van Teologiese Skool-gebou

Die personeel van die Teologiese Skool en die Fakulteit Teologie het op 1 Maart 2010 oorgetrek na die nuwe Teologie-gebou wat deur die NWU befonds en opgerig is. Die gebou is op 7 April 2010 amptelik in gebruik geneem, en die Voorsitter van die Kuratore, dr DG Breed, het namens die Kuratore ‘n dankwoord teenoor die NWU gespreek.

Die opknapping van die Teologiese Skoolgebou en die omheining van die perseel is ten bedrae van R1,7 miljoen in die NWU-infrastruktuurprojeksieplan vir 2012 deur die Raad van die NWU goedgekeur. Die Eiendomskommissie van die Bestuur van die Administratiewe Buro is ook reeds in kennis gestel van die beplanning. Die Eiendomskommissie het selfstandig aandag gegee aan dringende opknappings- en instandhoudingswerk, in afwagting van die grootskaalse latere opknapping.

2.3.11 Wysiging van Prospektusbewoording

Die Junie 2010-Kuratorevergadering het die versoek van die Kuratore Dagbestuur goedgekeur, naamlik dat die Kuratore Dagbestuur 'n moontlike herformulering van 5.3.15.2 en 5.3.15.3 van die Prospektus doen. Die Kuratore Dagbestuur het drr DG Breed en HG Stoker opdrag gegee om voort te gaan met die herformulering van 5.3.15.2 en 5.3.15.3 van die Prospektus en dit voor Junie 2011 af te handel sodat dit na die Junie-Kuratorevergadering deurgestuur kan word vir die finale besluit.

Besluit: Kennis geneem van die rapport in sy geheel.

F. **GROETEBOODSKAP NAMENS DIE NWU – PROF HERMAN VAN SCHALKWYK**

Die ondervoorsitter, dr DG Breed, stel prof H van Schalkwyk, PUK Kampusrektor, aan die vergadering voor waarna hy enkele woorde aan die vergadering rig. Ds LH van Schaik bedank prof Van Schalkwyk vir sy woorde en wens hom sterkte toe met sy werk. Die Sinode sing die Rektor Ps 20:1-4 toe.

24.2 RAPPORT KURATORE – MISSIONÊRE GERIGTHEID VAN DIE TOTALE TEOLOGIESE KURRIKULUM (Art 141)

A. Dr DG Breed lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

Acta, 2009:824, 3.6. Die Sinode versoek die professor in Missiologie, die Senaat van die TSP en die Kuratorium om die gesprek voort te sit oor die missionêre gerigtheid van die totale teologiese kurrikulum.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die onderstaande Kommissieverslag is aan die November 2009-Kuratorevergadering voorgelê. Die vergadering het met dankbaarheid kennis geneem dat dit opgevolg word en dat daar ter gelegenertyd weer terugvoer gegee sal word.

Rapport van Kommissie oor die besluite van die Sinode van 2006 oor die missionêre gerigtheid van die opleiding:

Die Sinode besluit:

2.4.2 2006:805, onder 2.3.7.7

Sinode 2006 het besluit dat:

i. die bestaande kurrikula van die teologiese opleiding aan die TSP en by die indiensopleidingsentra sodanig uitgebrei, verander en aangepas moet word dat aan die behoeftes vir effektiewe sendingopleiding voldoen kan word;

ii. dit belangrik is om alle aspekte van die teologiese kurrikulum 'n meer missionêre gerigtheid te gee, sodat 'n missionêr ingestelde teologie (en kerke) gestalte kan kry;

iii. die daarstelling van 'n Skool vir Sendingwetenskappe indringend deur die TSP in samewerking met die Fakulteit Teologie (NWU) ondersoek moet word;

iv. afhangend van die vlak van opleiding, die TSP en ander skole soos Mukhanyo Theological College met mekaar oorleg moet pleeg in die lig van die behoeftes van kerke wat betrokke is by sending.

Ten opsigte van punte (i), (ii) en (iv) hierbo vind 'n deurlopende gesprek plaas tussen die Departement Missiologie van die Fakulteit Teologie van die NWU, die Senaat van die TSP en die Kuratorium.

Ten opsigte van (iii) hierbo het die Senaat van die TSP en die Fakulteit Teologie aangedui dat die vestiging van 'n Skool vir Sendingwetenskappe nie haalbaar is nie, hoofsaaklik as gevolg van beperkte kapasiteit binne die Fakulteit en die finansiële implikasies van die vestiging van so 'n skool.

Daar bestaan moontlikhede om in die toekoms meer uitgebreide en praktiese sendingopleiding (wat nie dieselfde is as Missiologie nie) aan te bied deur middel van 'n instelling soos die Center for Reformational Urban Ministry in Africa (CRUMA) wat opgerig is op inisiatief van 'n aantal Gereformeerde Kerke in Pretoria, en wat nou saamwerk met Mukhanyo Theological College.

2.2 *Bevinding*: Die besluite moet nie losgemaak word van die gehele agtergrond van die besluite nie.

Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

3.1 Punt (i) spreek ‘n spesifieke behoefte van die kerke aan. Dit beteken nie dat die kerke vra dat wegbeweeg moet word van die Gereformeerde ensiklopedie of die gerigtheid van teologie as organiese geheel nie. Die behoefte is vir predikante en kerke wat effektief sending (die totaliteit van die dienswerk van die kerk in en aan die wêreld insluit) kan doen.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Om uitvoering te gee aan die opdrag punt (ii), asook die opdrag van Sinode 2009 in die verband, versoek ons dat:

3.2.1 Dat alle dosente betrokke by kandidaatsopleiding aangespoor word om daaraan aandag te gee dat die missionêre gerigtheid (soos hierbo gedefinieer) sover moontlik in die aanbieding van hul vak op ‘n organiese wyse gestalte kry.

3.2.2 Die dosente verantwoordelik vir missiologie en dr JJF Kruger ‘n aanduiding gee in hoe mate die kurrikulum in missiologie met ‘n ruimer opset en groter effektiwiteit kan plaasvind.

3.2.3 Daar by die assessering wat deur die Kuratore gedoen word, ook aandag gegee word aan die missionêre gerigtheid.

Besluit: Punte 3.2 tot 3.2.3 goedgekeur.

24.3 RAPPORT KURATORE – PRAKTIESE BLOOTSTELLING VAN TEOLOGIESE STUDENTE OOR DIE SES JAAR (Art 143)

A. Dr DG Breed lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Kennis geneem van die rapport in sy geheel.

D. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 2009:824, 3.10. Die Kuratorium stel in die plek daarvan voor om die moontlikheid te ondersoek om deurlopende praktiese werk van studente in gemeentes aan bepaalde minima van ure oor die hele ses jaar studietydperk te koppel (eerste of sewende jaar van internskap).

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die Kuratore het die onderstaande dokument goedgekeur, dit word jaarliks aan die kerke versprei.

PRAKTIESE BLOOTSTELLING VAN TEOLOGIESE STUDENTE OOR DIE SES JAAR

2.1.1 Uitgangspunt

Die belangrikste blootstelling wat studente gedurende die ses jaar behoort te kry, is in die plaaslike gemeente waarvan hulle lidmate is. Dan is die blootstelling nie net op die toerusting van die student gerig nie, maar ook op die bewaar en groei van die kerk. Die blootstelling behoort ook nie net op die kerk gerig te wees nie, maar daar moet ook ’n Koninkryksperspektief bykom.

Die oordeel of genoegsame blootstelling wel plaasvind berus gesamentlik by die plaaslike kerk waar die student lidmaat is, die Rektoraat van die TSP en in die finale instansie by die Kuratore.

Die student moet jaarliks ’n verslag voor die Voogdevergadering indien en die plaaslike predikante word versoek om ook tydens genoemde vergadering skriftelik te rapporteer oor elke student se blootstelling aan die praktyk. Indien probleme gedurende die jaar opgemerk word wat na die predikant se oordeel vir die predikantsopleiding belangrik is, word predikante versoek om dit by die Rektor van die TSP aangemeld word. Vir elke jaargroep word aan die hand van die onderstaande raamwerk ’n verslagvorm gegee.

Die ses jare word afsonderlik aangedui, hoewel daar aspekte is wat al ses die jare raak.

2.1.2 Die eerste jaar

Hierdie jaar is ’n jaar van aanpassing en veral inskakeling by meestal ’n nuwe gemeente. Die aspekte wat in aanmerking kom, is:

- wyksbetrokkenheid
- naweek betrokkenheid by die plaaslike gemeente
- dienswerk op enige manier in die gemeente
- betrokkenheid by die uitdra van die evangelie

Hierdie aspekte raak veral kerklike blootstelling. Die eerstejaar moet ook aandui op watter maniere hy in die samelewing (studentelewe of andersins) betrokke is.

2.1.3 Die tweede jaar

Hierdie jaar behoort die student sy voete gevind het en kan groter blootstelling verwag word. Die aspekte wat in aanmerking kom, is:

- wyksbetrokkenheid
- naweek betrokkenheid by die plaaslike gemeente
- dienswerk op enige manier in die gemeente
- betrokkenheid by die uitdra van die evangelie

- kwaliteit van diaken of ouderlingswerk
- hulp by organisering van jeugkampe
- blootstelling aan ten minste een uitreikingsaktiwiteit van die gemeente

Die tweedejaar moet aandui hoe hy in die samelewing (studentelewe of andersins) betrokke is.

2.1.4 Die derde jaar

In hierdie jaar moet daar aanduidings wees dat die student ’n leiersrol kan begin speel. Die aspekte wat in aanmerking kom, is:
- wyksbetrokkenheid
- naweek betrokkenheid by die plaaslike gemeente
- kwaliteit van dienswerk as diaken of ouderling
- leiersrol in aspekte van die gemeentewerk
- dienswerk in die uitdra van die evangelie en leiersrol hierin
- organiseringsvermoë ten opsigte van jeugwerk en ander dienswerk
- vaardigheid in kerklike vergaderings

Die derdejaar moet ook aandui hoe hy in die samelewing (studentelewe of andersins) betrokke is.

2.1.5 Die vierde jaar

In hierdie jaar word geloofsvolwassenheid, getrouheid, goeie dissipline en kreatiwiteit by die student in sy praktiese blootstelling verwag. Die aspekte wat in aanmerking kom, is:
- wyksbetrokkenheid
- naweek betrokkenheid by die plaaslike gemeente
- kwaliteit van dienswerk as diaken of ouderling
- leiersrol in aspekte van die gemeentewerk
- dienswerk in die uitdra van die evangelie en leiersrol hierin
- organiseringsvermoë ten opsigte van jeugwerk en ander dienswerk
- vaardigheid in kerklike vergaderings
- Aktiewe betrokkenheid by sending en evangelisasie
- Twee weke se praktiese werk in ’n ander gemeente, toegespits op jeugwerk
- betrokkenheid deur die jaar ten opsigte van jeugwerk by bogenoemde gemeente
- blootstelling aan leesdienste

Die vierde jaar moet ook aandui hoe hy in die samelewing (studentelewe of andersins) betrokke is.

2.1.6 Die vyfde jaar

Hierdie is ’n belangrike jaar vir plaaslike gemeentebetrokkenheid, omdat die sesdejaars baie naweke met preekoefeninge weg is. Blootstelling aan al die fasette van die gemeente opset in noodsaaklik:
- wyksbetrokkenheid
- naweek betrokkenheid by die plaaslike gemeente
- kwaliteit van dienswerk as diaken of ouderling
- leiersrol in aspekte van die gemeentewerk
- dienswerk in die uitdra van die evangelie en leiersrol hierin
- organiseringsvermoë ten opsigte van jeugwerk en ander dienswerk
- vaardigheid in kerklike vergaderings
- blootstelling aan hantering van gemeente se finansies, administrasie, ens.
- Aktiewe betrokkenheid by sending en evangelisasie
- Twee weke se blootstelling aan die uitdra van die evangelie
- betrokkenheid dwarsdeur die jaar by die gemeente en omgewing waar die twee weke prakties gedoen is
- blootstelling aan leesdienste

Die vyfde jaar moet ook aandui hoe hy in die samelewing (studentelewe of andersins) betrokke is.

2.1.7 Die sesde jaar

Gedurende hierdie jaar gaan die student dikwels Sondae na verskillende gemeentes vir preekoefening. Hy moet egter ook bewys lewer van sy betrokkenheid by sy plaaslike gemeente.

- wyksbetrokkenheid
- naweek betrokkenheid by die plaaslike gemeente
- kwaliteit van dienswerk as diaken of ouderling
- leiersrol in aspekte van die gemeentewerk
- aanduiding in watter gemeentes op watter tye eredienste gelei is
- aanduiding van nuwe preke wat gemaak is
- aanduiding van liturgiese hantering van eredienste
- vier weke praktiese werk in ’n toegewyste gemeente
- beperkte betrokkenheid dwarsdeur die jaar by gemeente waar praktiese werk gedoen is.

Die sesde jaar moet ook aandui hoe hy in die samelewing (studentelewe of andersins) betrokke is.

Die bedoeling van die verslag is nie om vertroulike inligting wat daar tussen die predikant en die lidmaat bestaan, bekend te maak nie, maar bloot om genoegsame inligting van die mate waarin elke kandidaat blootstelling aan die praktyk ontvang aan die Senaat TSP en Kuratore beskikbaar te stel.

Besluit: Kennis geneem van die rapport in sy geheel.

24.4 RAPPORT KURATORE – OPLEIDING VAN PREDIKANTE AS 'N KERKLIKE SAAK (Art 144)

A. Dr DG Breed lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Kennis geneem van die rapport in sy geheel.

D. **RAPPORT**

1. Opdrag

Acta 2009:825, 3.19. Versoek die Kuratore om toe te sien dat die opleiding van predikante deur die GKSA as 'n kerklike saak deurlopend in die strategiese beplanningsproses van die TSP geëvalueer sal word teen die agtergrond van verwikkeling op tersiêre onderwysvlak.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

Die November 2009-Kuratore het die onderstaande verslag goedgekeur:

2.1 *Kurrikulering aan die TSP teen die agtergrond van verwikkelinge op tersiêre onderwysvlak*

Die TSP en Fakulteit Teologie het tans 'n baie goeie samewerking en werk nie onafhanklk van mekaar tov die opleiding van predikante nie. Die Kuratore (in oorleg met die Senaat van die TSP) sien toe dat die opleiding regsinnig is en in ooreenstemming met die behoeftes van die Kerke is. Die bedoeling van die band met die Universiteit was van die begin af dat dit verseker dat die opleiding van predikante op die nodige wetenskaplike peil en standaard sal wees. Daarom handel die TSP juis in wat hy doen in samewerking met die Fakulteit en soos wat die Kuratore en die Sinode en die Universiteit met mekaar ooreengekom het. As die Kuratore dus 'n finale Kandidaatsertifikaat toeken, dan kan hulle tevrede en oortuig wees dat die opleiding reg-sinnig en op standaard is.

2.2 Die taak van die TSP (dus die Senaat TSP en die Kuratore) is om voortdurend seker te maak dat die kurrikulum wat die studente moet doen, geskied ooreenkomstig die behoeftes en vereistes soos dit ooreen gekom is. Die beste manier is dus dat die TSP en die Fakulteit gesamentlik verantwoordelikheid neem vir die assessering en evaluering van daardie kurrikula van die TSP en Fakulteit wat die Kuratore nodig mag ag vir die opleiding van predikante. Daarvoor moet die Kuratore verslag ontvang van die Senaat TSP, naamlik dat die betrokke kurrikula regsinnig en wetenskaplik geëvalueer is.

2.3 In die lig hiervan lyk dit of die stategiese beplanningsprosesse van die TSP en Fakulteit nie onafhanklik van mekaar behoort te gebeur nie, maar dat elke party geleentheid sal kry om op grond van die eiesoortigheid van elkeen insette ens te lewer. Dit is wat gewoonlik gebeur het, en wat nou ook gebeur.

2.4 Die herkurrikulering soos deur die Kuratore in Junie 2007 goedgekeur, word in 2010 geïmplimenteer in Kandidaats 1-3, en in 2011 in Kandidaats 4. Parallel hiermee het die Fakulteit Teologie vir 2010 en 2011 onderskeidelik die BTh Bybeltale en die Hons BTh aangepas. Die Fakulteit Teologie het die prosesse in werking gestel om vir die modules van die Kandidaats 1-4 vanaf 2011 die professionele graad B Div toe te ken, aangesien die embargo wat daar op nuwe kwalifikasies sedert 2007 was, opgehef is.

2.5 Die Fakulteit het ook, in oorleg met die Kuratore, die prosesse in werking gestel om vanaf 2011 in plaas van die huidige MDiv (wat toegeken word vir die verwerwing van die modules van Kandidaats V), die Nagraadse Diploma in Teologie toe te ken.

2.6 Proff Koos Vorster, Fika J van Rensburg en Fritz de Wet is tans besig om in samewerking met mev Leentie de Lange 'n addisionele 8 krediete-module vir die Kandidaats V (en dus vir die Nagraadse Diploma in Teologie) te ontwikkel, naamlik TNAV671. Die module behels opleiding in navorsingsmetodologie en die skryf van 'n navorsingsvoorstel binne die vakgebied wat elke individuele student kies – onder leiding van die betrokke vakprofessor. Hierdie module sal van groot nut wees in die predikantsopleiding omdat dit die studente in staat sal stel om in die bediening navorsing oor kerklike sake te doen en ‘n behoorlike verslag daaroor te kan skryf en voordra. Die Senaat sal daarom die uitkomste van die module aan die Kuratore deurgee, vir goedkeuring sodat dit deel word van die Kandidaats V vereistes.

Besluit: Kennis geneem van die rapport in sy geheel.

24.5 RAPPORT KURATORE – VOOGSTELSEL EN BRUGSTUDENTE FINANSIEËL ONDERSTEUN (Art 145)

A. Dr DG Breed lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Kennis geneem van die rapport in sy geheel.

D. RAPPORT

1. Opdrag

1.1 Acta 2009:824, 3.9. Beveel die voogstelsel aan by instellings anders as Potchefstroom wat gemoeid is met Kandidaatsopleiding.

1.2 Acta 2009:824, 3.16. Keur goed dat brugstudente langer finansieel ondersteun kan word deur die kerke as studente wat direk (sonder oorbrugging) inskryf vir die BTh, tot ‘n maksimum van sewe en ‘n half jaar.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die Kuratorevergadering het die sameroepers van die Kuratore van Mukhanyo Theological Seminary – dr PH Heystek, Reformed Seminary Nqutu – dr SJ van der Walt en College Ya Mojadi – dr SJ van der Merwe, versoek om aan die volgende vergadering verslag te lewer (kyk Aanvullende Rapport)

2.2 Die beleid om brugstudente langer finansieel te ondersteun, word steeds toegepas.

Besluit: Kennis geneem van die rapport in sy geheel.

24.6 RAPPORT DEPUTATE VIR TOERUSTING VAN OUDERLINGE EN HULP AAN KERKE MET DIE UITDRA VAN DIE EVANGELIE (Artt 245, 283)

A. Ds IW Ferreira lewer die rapport.
B. **Besluit:** Verwys na die ad hoc Kommissie: Dr ME Schalekamp (voorsitter), dr PJ Buys, oudl J du Preez en dr G Breed (adviseur).
C. Dr PJ Buys rapporteer namens die ad hoc Kommissie.

D. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Opdrag*

Die Deputate het die volgende opdrag gehad (Acta 2009:824)

1.1.1 Om sake in die Rapport vermeld, (veral 2.1 en 2.2) asook die besluite van die Sinode 2003 en 2006 wat hiermee saamhang, te ontwikkel en te implementeer binne die raamwerk van Skrif, Belydenis en Kerkorde (vgl 3.4).

1.1.2 Die ontwikkeling en implementering van hulp aan kerke met die uitdra van die Evangelie te laat geskied teen die agtergrond van die navorsing wat reeds deur die Kuratore en sy Teologiese Opleiding van Afrika-kommissie gedoen is, na oorleg met die ander instansies soos in 3.13, vermeld (vgl 3.4).

1.1.3 Om Mukhanyo Theological College, College ya Mojadi, Nqutu Reformed Seminary, Dumisanie Theological Institute en die Center for Reformational Urban Ministry in Africa (CRUMA) te versoek om saam te werk in die ontwikkeling en aanbieding van teologiese programme en moontlike ander kursusse (vgl 2.4.1, en besluit van Sinode 2006:809, 23.4 oor in- en uittree vlakke) wat tegelyk deur ander geakkrediteerde, geregistreerde akademiese inrigtings erken kan word (vgl 3.13).

1.1.4 Om te help (saam met die medewerkers) om Gereformeerde Teologiese opleiding en opleidingsmateriaal vir kerkleiers en gemeentes in Afrika beskikbaar te stel as deel van die Koninkrykstaak van die GKSA (vgl 3.20).

1.2 *Werksaamhede*

Die Deputate het ’n paar keer vergader, maar kon nie baie konstruktief werk nie aangesien die Deputate vanuit die hele land (en Namibië) die vergaderings moes bywoon. Dit was nie elke keer moontlik was nie. Op hierdie manier was daar ’n groot gebrek aan kontinuiteit. Die Deputate het baie ernstig besin oor die beste wyse waarop hulle nie net inligting moes versamel en aan kerke beskikbaarstel nie, maar die hele kerkverband die beste kan dien. Ons glo dat die aanbevelings aan die einde van hierdie Rapport juis daardie doel sal dien.

1.3 *Teologiese opleiding vir Afrika*

Die Deputate het kennis geneem van ander inisiatiewe vanuit die kerkverband oor teologiese opleiding vir Afrika. Die nood en die behoefte is baie groot en word van verskillende kante (nasionaal en internasionaal) aangespreek. Hierdie vergaderings is ook as waarnemers deur die Deputate bygewoon (ons verwys hier spesifiek na die Gereformeerde Teologiese Opleidings Inisiatief (GTOI). ’n Konferensie wat in Kenia gehou is, is ook deur die Voorsitter bygewoon. Die Deputate het ook kennis geneem van die lessenaar wat die Fakulteit Teologie geskep het in terme van Voortgesette Bedieningstoerusting.

1.4 **Uitgangspunt van Deputategroep**

Die Deputate is van oortuiging dat die toekomstige uitgangspunt van die Deputate se werksaamhede die toerusting van gemeentes vir missionale kerkwees moet wees. ’n Voorstel vir die naam van die Deputategroep: **Deputate vir die koördinering van toerusting vir Missionale Gemeente-wees**

Die volgende geld dus as uitgangspunt

Wat is 'n missionale kerk?

'n Missionale kerk is 'n kerk wat onder 'n groeiende besef en ontsag vir die eer van God, Jesus Christus se koningskap oor die hele wêreld bely. Op grond van die groot ontferming van God en vervul met die Heilige Gees, reik 'n missionale kerk uit na die sondige en gebroke wêreld met die boodskap van hoop, redding, vergifnis en vernuwing in Christus sodat mense orals sy koningskap óók sal bely en hulleself daaraan sal onderwerp (dws ware dissipels van Hom sal word). 'n Missionale kerk verkondig ook die onafwendbare oordeel van God oor volhardende ongelowiges en roep alle mense voortdurend op om met God in Christus versoen te word. So 'n kerk rus ouderlinge en diakens toe om die gawes van elke lidmaat in die gemeente te ontsluit met die doel op sodanige verkondiging met woorde en dade.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.4 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

Die Deputate sien hulle toekomstige taak hoofsaaklik ten opsigte van die volgende

2.1 Die bepaling van predikante en gemeentes se toerustingsbehoeftes binne die GKSA.

2.2 Die bepaling van die beskikbaarheid van toerustingsmateriaal (nasionaal en internasionaal) wat aan hierdie spesifieke toerustingsbehoeftes voldoen.

2.2.1 Kontak met opleidingsinstansies nasionaal en internasionaal. In hierdie verband moet skakeling ook geskied met die TSP en die Fakulteit Teologie, veral met die lessenaar vir Voortgesette Bedieningstoerusting wat geskep is.

2.2.2 Opname binne kerkverband oor dit wat reeds in gemeentes gebruik word en nou beskikbaar gestel kan word.

2.2.3 Die evaluering van beskikbare toerustingsmateriaal aan die hand van die volgende kriteria

2.2.3.1 Inhoudelike (Skriftuurlike en dogmatiese suiwerheid).

2.2.3.2 Die metode van aanbieding (ter wille van praktiese aflewering). Gebruik van die moderne media moet prioriteit geniet.

2.2.3.3 Vlakke van toepasbaarheid (diploma / sertifikaat / graad).

2.2.3.4 Soomlose integrasie van 'n groter toerustingsstrategie vir die kerke.

2.2.4 Die akkreditering van goedgekeurde toerustingsmateriaal vir die beskikbaarstelling en implimentering binne (en buite) kerkverband.

2.2.5 Kerklike akkreditasie (Word binne gemeentes "getoets").

2.2.6 Samewerking met opleidingsinstansies vir ander akkreditasie (sertifikaat/diploma).

2.2.7 Die vertaling van goedgekeurde materiaal vir gebruik in alle kerke.

2.2.8 Die koördinering van toerustingsgeleenthede binne die GKSA.

2.2.9 Bekendstelling van toerustingsmateriaal op Streekvlak.

2.2.10 Hulp aan Streeksinodes in die aanbieding van toerustingsgeleenthede.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.10 goedgekeur soos gewysig (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).

2.2.11 Die Sinode benoem weer Deputate (ongeveer 5) wat verkieslik naby mekaar is. Die Deputate ontvang koöpteringsreg om in die verskillende streke Deputate te betrek wat kan help met die werksaamhede.

Besluit: Kennis geneem.

E. RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE

1. Opdrag

Die opdrag van die ad hoc Kommissie is om die Sinode te adviseer oor die wyse waarop die besluite wat die Sinode 2012 reeds geneem het oor bogenoemde sake en wat met mekaar verband hou, ordelik tot uitvoering te kan bring.

Besluit: Goedgekeur.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die Kommissie het verskeie persone gevra en geleentheid gegee om hulle insette te lewer by die Kommissie:
Dr HG Stoker, proff BJ de Klerk, TD Mashau, SJ van der Merwe, dr ALA Buys, di JGL van der Walt, JF Fleischmann, IW Ferreira en dr Leo Douma van Australië.

Besluit: Kennis geneem.

3. Bevindings

3.1 Die Kommissie het bevind dat daar soveel oorvleueling is in die sake wat in die verskillende Beskrywingspunte en die Rapport aangeraak word, dat dit noodsaaklik is om EEN Deputaatskap aan te wys.

3.2 Om seker te maak dat al die sake genoegsame aandag geniet is dit ook noodsaaklik dat die Deputate in subgroepe kan onderverdeel soos nodig met ’n opdrag om al die sake deeglik te hanteer.

3.3 Dit is ook nodig dat hulle die mandaat het om wanneer nodig ander lede en spesialiste op spesifieke terreine te koöpteer.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 kennis geneem.

4. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

4.1 Die Sinode wys Deputate aan om al bogenoemde sake tot uitvoer te bring.

4.2 Die opdrag van die Deputate is om die opdragte in 24.14, 24.15 en 25.4 [Beskrywingspunte in Handelinge 2012] asook die twee stelle opdragte in die Rapport uit te voer.

Besluit: Punte 4.1 en 4.2 goedgekeur.

24.7 AANVULLENDE RAPPORT 1 – KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – ALGEMENE SAKE (Art 146)

A. Dr DG Breed lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Kennis geneem van die rapport in sy geheel.

D. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Die Kuratorium*

Die termyn van die huidige Kuratore verstryk en die Streeksinodes het nuwe Kuratore en Breë Kuratore aangewys. Die Kuratorium sal in Januarie 2012 konstitueer.

1.2 *Die Senaat TSP*

1.2.1 Doserende personeel (SR2.2.2)

2011-Publikasies, konferensies en seminare – Kyk Bylae A.

1.2.2 Internasionale Akademici: Junie – November 2011 (SR2.2.5)

Geen internasionale akademici het die Teologiese Skool gedurende die tydperk Junie–November 2011 besoek nie.

1.2.3 Verlenging van preekkonsent

Die Kuratore het aan die volgende broers in 2011 toestemming verleen om eers verder voltyds te studeer voordat hulle aanmeld vir eksaminering deur 'n Streeksinode:

(a) E Coetzer
(b) G Mushayabasa
(c) PGP le Roux

1.3 *Kuratore Kandidaatsprogram 1-3 en 4-6–evaluering (KPE) (SR2.3.4)*

Die Kuratore het kennis geneem van die KPE-rapport en die Registrateur TSP versoek om die versamelde inligting onder die aandag van die Skooldirekteure te bring, met die advies dat hulle dit wat betrekking het op elkeen van die vakke, onder die aandag van die betrokke vakhoof bring. Die Kuratore ontvang graag nadat die her-kurrikuleringsproses afgehandel is, 'n Rapport oor hoe dit verreken is.

1.4 *Kommissie vir toesig oor indiensopleidingsentra*

1.4.1 Addisionele opdrag aan Kuratore vir toesighouding by Mukhanyo Teologiese Kollege. Om die verhouding tussen Sinode Soutpansberg en Klassis Tshwane en die GKSA na afloop van die Algemene Sinode GKSA 2012 aan die bestuur van Mukhanyo te kommunikeer.

1.5 *Herinrigting en opgradering van Teologiese Skool-gebou*

Die NWU het 'n bedrag vir 2012 begroot vir die opknapping van die Teologiese Skool-gebou en die omheining van die perseel. Berig is vanaf die NWU ontvang dat daar tans nie beskikbare fondse is om die beplande opknapping in 2012 te doen nie. Die November 2011-Kuratorevergadering het kennis geneem van die saak en ds LH van Schaik versoek om met die NWU te skakel en die saak op te volg.

Besluit: Kennis geneem van die rapport in sy geheel.

24.8 AANVULLENDE RAPPORT 2 – KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – FINANSIES (Artt 147, 248, 275)

A. Dr DG Breed lewer die rapport.
B. **Besluit:** Punt 2 verwys na Kommissie vir Finansies.
C. Ds PJ Nel rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.
D. Ds J van Schaik rapporteer namens die Kommissie vir Finansies oor punt 1.5.

E. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Finansiële state (SR2.3.7)*
Kragtens die Reglement van die Administratiewe Buro moet elke Deputaatgroep oor sy eie finansies aan die Algemene Sinode rapporteer. Die Kuratore lê die aangehegte finansiële staat aan die Sinode voor – Bylae B.

1.2 *Staking van studies – beleidsformulering*
Die November 2011-kuratorevergadering het die onderstaande Reglement oor die terugbetaling van TSK-beursgelde wanneer ‘n student sy studies staak, goedgekeur.

PROSEDURE VIR DIE HANTERING VAN STUDENTE WAT TEOLOGIESE STUDIES VOLTOOI, KANSELLEER, TYDELIKE ONDERBREEK OF GEVRA WORD OM STUDIES TE STAAK
TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM

Hierdie prosedure moet saam met die Reglement van die Studentekas vir Teologiese Studente aan die Teologiese Skool gelees word.

Voltooiing van studies
Vir ‘n kandidaat wat predikant van die Gereformeerde Kerke word, word die ondersteuning soos volg afgeskryf: Vir elke diensjaar word ‘n jaar se ondersteuning afgeskryf, beginnende by die jaar waarin die eerste toekenning gemaak en uitbetaal is.
Word ‘n kandidaat nie predikant nie of indien hy vir ‘n korter tydperk predikant is as die jare waarvoor hy ondersteuning ontvang het, word die ondersteuning wat hy ontvang het, dadelik in ‘n lening omskep.

Student staak self
Waar ‘n student die Universiteit of Teologiese Skool verlaat voor die voltooiing van sy studies, word die ondersteuning wat hy ontvang het, dadelik in ‘n lening omskep.

Kuratore staak studies van student
As die Kuratorium besluit om by ‘n kandidaat aan te beveel dat hy liewers ‘n ander lewensroeping volg, word die kandidaat se studies beëindig en die Kuratorium omskep die beurs volgens hulle diskresie in ‘n lening, tensy die Kuratorium na gelang van omstandighede 'n ander besluit neem.

Tydelike onderbrekings van studies
‘n Kandidaat wat sy studie met toestemming van die Kuratorium onderbreek is verplig om die ondersteuning wat hy reeds ontvang het, gedurende die tyd van gegewe verlof terug te betaal, tensy die Kuratorium aan hom uitstel verleen.

Rentekoerse
Rentekoerse sal gehef word vanaf die tydstip dat die kandidaat die Universiteit of die Teologiese Skool verlaat of vandat hy nie meer predikant in die GKSA is nie.
Geen rente word gehef terwyl ‘n proponent op ‘n beroep wag nie.

Gedurende die studiejare word die rentekoers op 3% per jaar bepaal en gedurende die terugbetalingsperiode word dit op 3% onder die amptelike ABSA primakoers gehou soos wat laasgenoemde varieer.

Tydperk van leningsdelging: Lening word op 'n jaar vir jaar basis terugbetaal tensy anders met die Kuratorium ooreengekom word.

Enige ander lening of toekenning (byvoorbeeld boeke, studiemateriaal, medies, ens.) is aan dieselfde voorwaardes onderhewig.

1.3 *Finansiële stand van Hulpfonds en TSK en 2012-toekennings*

Finansiële stand van die TSK en Hulpfonds vir behoeftige studente soos op 30 September 2011:

1.3.1 Stand van die TSK: R253,692.62

1.3.2 Stand van die hulpfonds: -R928,710.07

Die November 2011-Kuratorevergadering het kennis geneem van die stand van die Hulpfonds en besluit dat geen toekennings vir 2012 uit die Hulpfonds gemaak kan word nie, alvorens die negatiewe saldo opgelos is.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3.2 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

Versoek

Die Kuratore versoek Sinode 2012 om 'n bedrag van R500 000 uit die Dankbaarheidsfonds aan die Hulpfonds oor te betaal.

Besluit: Verwys na Kommissie vir Finansies.

F. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Tekort op die Studentekashulpfonds

Aanbevelings

1.1 Die Deputate moet noukeurig op begrotingsbeheer let.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

1.2 Studente word aangemoedig om sover moontlik pogings aan te wend om eie inkomste aan te vul.

Besluit: Goedgekeur.

1.3 Gemeentes word deurlopend ingelig oor die kerke se verantwoordelikheid volgens die Skrif en KO art 19, asook die nood van studente en versoek om finansieel te help.

Besluit: Goedgekeur.

1.4 Hierdie nood van die teologiese studente word nie aangespreek deur fondse uit die Dankbaarheidsfonds te onttrek nie.

Besluit: Goedgekeur.

1.5 Die tekort word aangevul deur die SDDS.

Besluit: Terugverwys na die Kommissie saam met Deputate SDDS vir 'n aanbeveling.

G. RAPPORT

1. Opdrag

1.1. Die Sinode bespreek die probleem van die TSK hulpfonds wat tans op 'n minus R928,710.07 staan. Die versoek is dat hiervoor uit die Dankbaarheidsfonds 'n bedrag van R500 000 oorbetaal word.

1.2. Die Kommissie vir Finansies het by punt 1.5 aanbeveel dat die Sinode dit na SDDS verwys. Bespreking is gevoer en 'n ordevoorstel is aanvaar die saak na Kommissie vir Finansies en die SDDS-deputate terugverwys word.

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1. Die Kommissie vir Finansies en die Deputate van SDDS bevind tydens die gesprek dat die saak nie maar net na hulle verwys kan word nie. Die bevinding is dat SDDS nie die fondse het om hier te help nie en dat die Reglement ook nie hiervoor ruimte laat nie.

Die Deputate SDDS spreek self ook hulle kommer uit en wil graag saam oplossings vind.

2.2. Die Kommissie vir Finansies en die Deputate besin saam oor watter oplossings daar kan wees. Hier kan ook nie sommer net ‘n oplossing kom deur ander fondse te gebruik of te leen nie.

2.3. Die TSK Hulpfonds is verskriklik belangrik en dit is die kerke se plig om dringend hulp te verleen. Ons roep juis Kerkrade op om jong manne aan te spoor om Teologie te kom studeer. Ons loof die Here dat Hy gelowiges uit Afrika en die hele wêreld roep om Sy Woord en Verlossing te bedien. Nou wil ons graag saam betrokke wees in hulle versorging en opleiding.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

3.1. Die Deputate SDDS en die Kuratore so gou moontlik saam besin oor moontlike oplossings.

3.2. Die plaaslike diakonieë saam met die Deputate van SDDS hieroor vergader.

3.3. Die Kerke se Kerkrade en diakonieë so gou moontlik versoek word vir ‘n eenmalige spesiale bydrae en/of kollekte sodat die onmiddellike nood aangespreek kan word.

3.4. Kerke kan gevra word om ‘n student “aan te neem” en te help versorg.

3.5. Kragtens KO, art 19, ‘n fonds gestig word waarvan die rente opbrengs gebruik word om Teologiese studente te ondersteun, sodat hulle kan afstudeer om as predikante in SA en ander wêreld dele te dien.

3.6. Deputate aangewys word om sodanige fonds te stig en uit te bou.

3.7. Br Koos Smit van GK Laeveld aangewys word om die insameling te koördineer.

3.8. Kerke die Deputate help met kontakinligting van vermoënde lidmate wat vir so ‘n fonds kan bydra.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.8 goedgekeur.

24.9 AANVULLENDE RAPPORT 3 – KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – FASILITEITE NWU EN TSP (Art 148)

A. Dr DG Breed lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag (Acta 2009:295, 1.3.3)

Die Kuratore kry opdrag om in oorleg met die Bestuur, die ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU rakende die gebruik en benutting van mekaar se fasiliteite, by wyse van uitbreiding van die ooreenkoms, duidelik uit te spel."

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Bewoording van die huidige ooreenkoms*

> ***5. Wedersydse beskikbaarstelling van fasiliteite en van dosente tussen die Kerke en die Universiteit***
>
> *Die Universiteit en die Kerke stel hulle fasiliteite wedersyds tot mekaar se beskikking, en pleeg besonderlik oorleg met mekaar met betrekking tot die gepaste fasiliteite en toerusting wat vir die opleiding in teologie aan die Fakulteit Teologie en Teologiese Skool nodig is.*
>
> *Die Universiteit en die Kerke stel hulle dosente wedersyds tot mekaar se beskikking soos en wanneer nodig, op 'n basis soos tussen die partye ooreengekom.*

2.2 *Bespreking*

2.2.1 Rakende die wedersydse beskikbaarstelling van fasiliteite, is dit wat in voormelde enkele sin in die ooreenkoms staan, al wat daarop betrekking het.

2.2.2 In teenstelling daarmee, word dit wat in die tweede sin gestel word *(…stel hulle dosente wedersyds tot mekaar se beskikking…)*, volledig in opvolgende artikels uiteengesit, nl:

Art. 2: Beroep van predikante deur die Kerke en benoeming as personeel van die Universiteit.
Art. 3: Dissiplinêre maatreëls, ontslag en diensbeëindiging.
Art. 8: Administratiewe en ondersteuningspersoneel.

2.2.3 Dit is egter opvallend dat daar reeds sover terug as 1982, rakende die beskikbaarstelling en benutting van 'n enkele fasiliteit, die Jan Lion Cachet-biblioteek, 'n bykomende ooreenkoms aangegaan is waarin die volgende aspekte volledig beskryf word: Huisvesting, Personeelvoorsiening, Beheer, Geldelike reëlings en Eiendomsreg.
(Acta 1985:279-282)

2.2.4 Sedert die ondertekening van die jongste ooreenkoms (2006), is die grondstuk tussen die Administratiewe Buro en die GK Potchefstroom-Noord, aan die NWU verkoop waarop die Teologie-gebou opgerig is.
In artikel 18 van die Koopkontrak van bogenoemde transaksie, het 'n Skakelkomitee tot stand gekom wat onder andere verantwoordelik is vir koördinering van gemeenskaplike sake soos sekuriteit, toegangsbeheer en onderhoud en instandhouding van die terrein.

2.3 *Gevolgtrekking*

Die wedersydse beskikbaarstelling van mekaar se fasiliteite sluit in "…oorleg met mekaar met betrekking tot die gepaste fasiliteite en toerusting…" wat nie, soos in die huidige ooreenkoms, in 'n enkele sin uitgespel kan word nie.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbeveling

Omdat hierdie sake nou al in meer as een ooreenkoms ter sprake is, word aanbeveel dat daar by artikel 5 van die ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU ‘n kodisil gevoeg word.

3.1 *Kodisil tot artikel 5*

3.1.1 Die GKSA en die NWU behou elkeen eiendomsreg ten opsigte van sy onroerende eiendom en elkeen is afsonderlik verantwoordelik vir die onderhoud en instandhouding van sodanige eiendom en die betaling vir dienste en heffings.

3.1.2 Elkeen behou afsonderlik eiendomsreg ten opsigte van roerende bates soos toerusting, meubels, boeke en publikasies en sien toe dat dit uitkenbaar gemerk en in bateregisters beskryf word.

3.1.3 Pleeg besonderlik oorleg met mekaar met betrekking tot gemeenskaplike sake (toegangsbeheer, sekuriteit, instandhouding en verfraaiing van die terrein, wat insluit die vergoeding daarvan.

Besluit: Punt 3 word verwys na die Kuratore.

24.10 AANVULLENDE RAPPORT 4 – KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – PERSONEEL/PROFESSORE (Art 149)

A. Dr DG Breed lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Aftree-ouderdom van professore aan die TSP (SR2.3.9)*

1.1.1 In die lig van die Kuratorebesluit van 10 November 2009 is die onderstaande implikasies van die besluit van die Kuratore van Junie 2009, asook tersaaklike Sinodebesluite, insake die emeritering van prof A le R du Plooy, verreken. Die Kuratorevergadering het besluit dat die beginselbesluit wat in 2.1 geneem is, eers aan die Sinode voorgelê moet word om die spanning tussen die beginsel en huidige Sinodebesluite in lyn te bring.

1.1.2 Die besluite van die Kuratorium op 10 November 2009 (Notule, 8.3) insake toepassing KO, artt 11, 13 rakende die bereiking van 65-jarige leeftyd van teologiese professore stel die beginsel dat die professore aan die TSP wel ten opsigte van die Universiteit aftree, maar dit nie ipso facto beteken dat hy ook kerklik moet emeriteer nie.

1.1.3 Daar is Sinodebesluite wat in Rapporte voor die Kuratore beredeneer is wat die normale aftrede op 65-jaar beklemtoon (Acta 1970:389; 1979:193; 1994:654).

Besluit: Punte 1.1 tot 1.1.3 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Die Algemene Sinode 2012 word versoek om Deputate aan te wys om in die lig van die Skrif en relevante Kerkorde artikels, asook bestaande Sinodebesluite, ‘n duidelike ordereëling by die Algemene Sinode 2015 aan te beveel vir die emeritering van teologiese professore. Hierdie ordereëling moet ook die kontraktuele ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU in ag neem.
(Ter insae beskikbaar by mev A Moerdyk: Bylae 1: Oorspronklike Kuratore-besluit, Bylae 2: Beswaarskrif; Bylae 3: Besluit van Senaat TSP, Bylae 4: Beswaarskrifkommissie van die Kuratore se antwoord; Bylae 3: Historiese verloop van Sinodebesluite oor hierdie saak.)

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Motivering*

2.2.1 Sinodebesluite aangaande die emeritering van teologiese professore word verskillend geïnterpreteer, aangesien sommige van hierdie besluite verwarrend is (kyk Bylae 1 en 2).

2.2.2 Dit is moontlik dat daar spanning is tussen die relevante KO artikels en Sinodebesluite oor die emeritering van teologiese professore.

2.2.3 Die kontraktuele verbintenis tussen die NWU (vroeër die PU vir CHO) en die GKSA, sowel as die besluite wat die NWU geneem het met betrekking tot die aftrede van sy personeel, het ook ‘n bepaalde rol gespeel in sommige van die Sinodebesluite oor die ouderdom van emeritering.

2.2.4 Die afgelope jare het die saak oor emeritering van professore op verskeie maniere op die tafel van Sinodes gekom. Daar was ook reeds Studiedeputate aangewys (Acta 1976:451-453, art 141), maar met ‘n beperkte opdrag. Verskillende Sinodes het Beswaarskrifte oor die saak hanteer. Dit is uit die historiese verloop van Sinodebesluite duidelik dat ‘n eendersluidende verstaan daarvan baie moeilik bereikbaar is (kyk Bylae 3).

2.2.5 Dit is nie uit die laaste besluit, wat die Sinode (Acta 1997:370) geneem het oor die toepassing van KO, art 13, duidelik of die spesifieke besluit net op predikante van die GKSA betrekking het, en of dit ook van toepassing is op die emeritering van teologiese professore nie.

2.2.6 Die Kuratore en die Senaat van die TSP het met mekaar oorleg gepleeg oor hierdie saak en bevind dat Studiedeputate opnuut aangewys behoort te word om de novo die saak te ondersoek.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.6 kennis geneem.

24.11 AANVULLENDE RAPPORT 5 – KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – HERKURRIKULERING (Art 150)

A. Dr DG Breed lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Kennis geneem van die rapport in sy geheel.

D. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Agtergrond*

Enkele jare gelede is die studie van Kandidaatstudente (asook die gelyklopende NWU-kwalifikasies) van sewe jaar na ses jaar verminder. Verskeie faktore het daartoe aanleiding gegee, onder andere die kwalifikasiestruktuur waaraan die Fakulteit Teologie gebonde was, wat moeilik vir ’n sewende jaar met subsidie voorsiening kon maak.

Drie faktore het daartoe aanleiding gegee dat die Teologiese Skool en Fakulteit Teologie opnuut die moontlikheid van sewejaarstudie ondersoek:

1.1.1 Die druk op studente om min of meer dieselfde uitkomste van die vroeëre sewe jaar studie binne ses jaar te bereik, het al hoe meer die afgelope paar jaar geblyk.

1.1.2 Die kwalifikasiestruktuur waarvoor die Hoër-Onderwys Kwalifikasie-raamwerk (HOKR) voorsiening maak, het intussen verander. Nagraadse Diplomas bied ruimte vir subsidie, sonder die eis dat hierdie nagraadse kwalifikasies groot navorsingskomponente hoef in te sluit. Dit beantwoord aan die behoeftes van die Fakulteit Teologie en Teologiese Skool om ná die aanvanklike vestiging van vaardighede in die Antieke Tale, opleiding te gee wat nie bloot artikuleer na meer gevorderde grade, met die gepaardgaande klem op navorsing, nie. Samesprekings met ander teologiese opleidingsinrigtings binne FUTE (*Forum for University Theological Education*) het daartoe gelei dat ’n vierjarige BDiv (Baccalaureus Divinitatis) as ’n vierjarige professionele graad in die plek van BTh en BTh-Honneurs in beginsel goedgekeur is, en dat die NWU se BDiv in die proses van registrasie is.

1.1.3 Die finale spoorslag tot die huidige inisiatief is ’n versoek van die vakgroep Praktiese Teologie dat die studie na sewe jaar verleng word sodat meer aandag aan werk-integrerende leer (WIL) (praktiese oefening) gegee kan word. Die plan wat hier onder voorgestel word, is dus nie alleen ’n meer gelyke verspreiding en rasionalisering van die studie-inhoude en uitkomste nie, maar wil erkenning gee aan werk wat studente tans buite die kurrikulum en dus buite die krediet-bepalings doen, naamlik praktiese werk, preekmaak en -oefening. Dit wil verder voorsiening maak vir die inoefening van ander vaardighede (bv in Pastoraal, en Homiletiek) wat tot nog toe min aandag gekry het.

Die voorgestelde kurrikulum beteken dat nie net die Kandidaatsertifikaat (dws die opleiding van die bedienaars van die Woord vir die GKSA) verander nie, maar ook die gelyklopende NWU-kwalifikasies. Dit sal ook plek-plek ’n impak hê op ander kurrikulums van die Fakulteit, byvoorbeeld waar sekere modules tans gedeel word (OTES111, NTES111).

Die kurrikulum maak voorsiening vir uittreevlakke vir persone wat nie kandidaatstudente is nie, maar dieselfde kwaliteit kwalifikasies wil ontvang wat vir Kandidaatstudente aangebied word. Die verskillende gelyklopende NWU-kwalifikasies bied aan sulke studente verskeie uittreevlakke. Aangesien die sewende jaar grootliks ’n jaar is wat gerig is op die bediening binne die GKSA, sou die einde van die sesde jaar ’n geskikte uittreevlak kan wees vir iemand wat by ’n ander denominasie wil aanmeld vir gemeentelike bediening – hetsy met of sonder ’n "kerklike jaar" wat die betrokke ’n denominasie mag vereis.

1.2 *Kwalifikasiematriks*

Die voorgestelde kwalifikasiematriks word in die volgende diagram uiteengesit. Die matriks gee slegs 'n voorstelling van die teologiese kwalifikasies wat in Potchefstroom aangebied word, dus nie wat deur kontrakinrigtings aangebied word nie. Nagraadse kwalifikasies in antieke tale en kwalifikasies in Bybelse berading word ook nie in die kwalifikasiematriks aangedui nie.

1.2.1 Aan die linkerkant word die NWU se algemene teologiese kwalifikasies aangedui wat tipies op nie-Kandidaatstudente gerig is.

1.2.2 Aan die regterkant word die NWU se teologiese kwalifikasies aangedui wat ooreenstem met die Kandidaatsprogram van die TSP.

1.2.3 Aan die onderkant word (verdere) nagraadse studie aangedui. Sowel Hons BTh as BDiv verleen toegang tot MTh en PhD, maar in die geval van BDiv geskied dit met sekere voorbehoude. 'n Persoon wat Dipl CT en MDiv geslaag het, sal tipies net 'n verhandeling vir MTh doen. Iemand wat Hons BTh geslaag het, doen slegs 'n verhandeling vir MTh.



1.3 *Uitgangspunte*

Tydens 'n werkswinkel in Augustus het die doserende personeel van die Teologiese Skool (ook in hulle hoedanigheid as akademiese personeel van die Fakulteit) die volgende vertrekpunte ten opsigte van die herkurrikulering gestel:

1.3.1 Die kurrikulum moet doelmatig saamgestel word sodat studente toegerus word om optimaal te kan dien as Bedienaars van die Woord en diensknegte van Christus binne die GKSA.

1.3.2 Die kurrikulum volstaan nie by die minimum aantal krediete wat die NKR per kwalifikasie stel nie, maar kan – ooreenkomstig die beleid van die NWU – die minimum met tot 20% oorskry ter wille van doelmatigheid en akademiese uitnemendheid.

1.3.3 Die kurrikulum moet die nodige balans tussen die verskeie afdelings van die Reformatiese Teologiese Ensiklopedie handhaaf. Die volgende beklemtonings geld:

(a) Bibliologies gefundeerd

(b) Dogmatologies-Ekklesiologies en Prakties-Teologies uitgebou;
(c) Missiologies gerig.

1.3.4 By die bepaling van die inhoude en uitkomste van die onderskeie modules moet bogenoemde beklemtonings in ag geneem word, asook die perspektief van

> God se alomvattende heerskappy in Christus oor kerk en samelewing, in sy teenswoordige realiteit en toekomstige vervulling.

1.3.5 Werk-integrerende leer (WIL) moet optimaal benut word.

1.4 *Uiteensetting van nuwe kurrikulum*

Die voorgestelde kurrikulum word uiteengesit in 'n Excel-dokument met verskeie sigblaaie. Dit is verkrygbaar by mev A Moerdyk en kan deur prof PP Krüger aan die vergadering voorgehou word.

Met die opstel van hierdie verslag is die gedetailleerde uitkomste van elke module nog nie bepaal nie. Sodra die kurrikulum deur die Kuratore en Fakulteitsraad goedgekeur is, word verdere besonderhede met die oog op die registrasie van die program vasgestel.

1.5 Besondere sake

Die volgende sake kry aandag by die samestelling van die nuwe kurrikulum:

1.5.1 Werk-integrerende leer

Werk-integrerende leer (WIL) word by elk van die kwalifikasies, asook by die krediet-totaal aangedui. Die gedagte is dat studente genoeg "praktiese oefening" kry. Hulle kry van die kant van die Fakulteit erkenning vir werk wat vroeër (sover dit die Universiteit) betref, buite-kurrikulêr aangebied is, bv hulle praktiese werk en preekoefening.

Die deel van werk-integrerende leer wat spesifiek deel van prakties in gemeentes uitmaak, word apart aangedui.

1.5.2 Oorbrugging

Studente meld toenemend aan sonder genoegsame Bybelkennis, kennis van die Belydenisskrifte, skryf- en leesvaardighede en kennis van taalkunde (wat nodig is wanneer 'n vreemde taal aangeleer word). Die eerste studiejaar word in 'n groter mate as wat tans die geval is, aangewend as oorbrugging en oriëntering vir verdere teologiese studie:

1.5.2.1 **Bybelkennis**: Die Ou- en Nuwe Testament modules (OTES112 & NTES112) word uitgebrei om meer voorsiening te maak vir die verwerwing van Bybelkennis.

1.5.2.2 **Kennis van Belydenisskrifte**: 'n Module word geskep waar aandag gegee word aan die inhoud van die Drie Formuliere van Eenheid (TEOL112).

1.5.2.3 **Skryf-en leesvaardighede**: Daar is verpligte modules van die NWU, naamlik taalversterking van die medium van onderrig (AFNP111/ENLS111), asook akademiese geletterdheid (AGLA/AGLE121), wat sowel in die ou as nuwe kurrikulum voorkom. AGLA/AGLE111 is 'n oorbruggingsmodule vir studente wie se skryf- en leesvaardighede subtandaard is. Laasgenoemde studente neem eers AGLA/AGLE111 en daarna AGLA/AGLE121).

1.5.2.4 **Kennis van taalkunde**: Latyn (LATN112) gee spesifieke aandag aan basiese taalkundige begrippe, wat nie (meer) voldoende in die skoolkurrikulums gedek word nie. In die voorgestelde kurrikulum begin studente in hulle eerste jaar slegs met hierdie een antieke taal. Semitiese Tale en Grieks word eers van die tweede jaar af geneem. Die aantal krediete vir die antieke tale bly egter dieselfde as in die huidige kurrikulum.

1.5.2.5 **Taalverwerwing**: In die huidige kurrikulum is verpligte modules vir Duits of Frans ingesluit, met die gedagte dat dit tale is wat teologiese diepgang kan gee. Hierdie modules was in meer gevorderde studiejare ingesluit (tipies vanaf die derde studiejaar). Om verskeie redes word afgesien van verpligte Duits of Frans, maar word steeds sterk by studente aanbeveel om dit buite-kurrikulêr te neem, veral as hulle vir gevorderde grade wil inskryf. In plaas van Duits of Frans word twee

taalverwerwing-modules ingesluit. Die gedagte is dat persone wat nie Afrikaans magtig is nie, basiese Afrikaans aanleer. Persone wat deur medium van Afrikaans studeer, leer 'n swart Afrika-taal soos Zoeloe of Tswana aan. Moontlik kan ook oriëntasie in Nederlands ingesluit word. Bestaande modules wat op die kampus beskikbaar is, kan gebruik word. Daar is ook die moontlikheid dat doelgemaakte modules op versoek deur die Skool vir Tale binne die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte ontwikkel kan word.

1.5.3 Rasionalisering

1.5.3.1 In die huidige kurrikulum word **lewensbeskoulike strominge** in TEOL111 (gedurende die eerste studiejaar) behandel, asook in HERM322 en in verskeie ander modules. In die nuwe kurrikulum word gekyk na rasionalisering. Die twee Filosofie-modules moet optimaal benut word, in ooreenstemming met besluite wat die Kuratore en die Fakulteit in dié verband geneem het. Verder word gekyk na uitskakeling van onnodige duplisering. Vakgroep Dogmatologie neem die leiding hierin.

1.5.3.2 In die huidige kurrikulum is daar soms onnodig gedupliseer tussen die **OTES en NTES-modules.** Die nuwe kurrikulum het meer modules wat deur Ou- en Nuwe Testament gedeel word. Die Hermeneutiek-modules (HERM) word uitgebrei en 'n nuwe vak, Openbaringsgeskiedenis (OPGE) lê die grondslag vir Openbaringsgeskiedenis in 'n enkele module, wat dan in die onderskeie Ou-en Nuwe Testament-modules uitgebou word.

1.5.3.3 Kerk- en Dogmageskiedenis (KDGE) word uitgebrei en hernoem as **Kerk**, **Dogma- en Sendinggeskiedenis** (KDSG). Hierdie vak was nog altyd interdissiplinêr. Vakgroep Ekklesiologie neem die leiding hierin, waar prof Rikus Fick spesifiek vir die vak verantwoordelik is. Indien nodig, kan ander dosente hierby betrek word (bv ten opsigte van Sendinggeskiedenis).

1.5.3.4 **Apologetiek** verskyn as nuwe vak in die nuwe kurrikulum, sodat spesifieke aandag aan die verdediging van die ware geloof gegee kan word. Die vak is in sy wese interdissiplinêr, sodat Dogmatiek en Missiologie albei by die aanbieding van die vak betrokke sal wees. Daar word aan Elenktiek en in besonder aan die Islam as nie-Christelike godsdiens, aandag gegee.

1.5.3.5 Tussen die **Antieke Tale en Ou/Nuwe Testament** moet verdere rasionalisering plaasvind, sodat die Antieke Tale in groter mate op filologie kan fokus. Gedurende 2010 het die Kuratore en Fakulteit riglyne in dié verband goedgekeur, wat by hierdie herkurrikulering geïmplementeer moet word.

1.5.4 Spesialisering

Daar is behoefte dat studente reeds gedurende hulle teologiese studie kan toespits op 'n spesifieke belangstellingsveld binne die teologie en/of in hulpwetenskappe.

1.5.4.1 Die huidige kurrikulum maak voorsiening vir 'n skripsie in die vierde jaar as deel van die **TNAV-module**, waar studente ook leiding kry in wetenskaplike metodologie. So 'n navorsingskomponent word deur die HOKR vereis in 'n vierjarige graad en Honneurs. Die nuwe kurrikulum behou hierdie module. Die TNAV-module is egter veel eerder 'n praktiese eerste inoefening in navorsingsmetodologie, as wat dit studente in staat stel om belangstellingsterreine te verken. Aan die einde van die vierde studiejaar, waar hierdie module afgehandel word, het studente nog weinig blootstelling gehad aan die breë spektrum van die teologiese wetenskappe, aangesien die fokus van die eerste vier studiejare Bybeltale is.

1.5.4.2 Die nuwe kurrikulum maak voorsiening vir 'n **beperkte navorsingsmodule** (TEOL875) in die sesde studiejaar, waar die student in 'n teologiese vakrigting van sy keuse *capita selecta* bestudeer en daaroor geassesseer word. Dit kan in enige vakrigting binne die Teologie wees, asook 'n hulpwetenskap, in welke geval die studie steeds primêr teologies van aard moet wees.

1.5.4.3 In die sewende studiejaar word 'n **teologiese of bedieningsprojek** ingesluit, waar die student verder in 'n bepaalde belangstellingsrigting wat vir verdere studie of die

predikantsbediening van belang kan wees, kan spesialiseer. Hierdie module word genoem TEOL571.

1.5.5 Uitbreiding van modules

In enkele gevalle is modules tot die kurrikulum toegevoeg. Sommige van hierdie modules gee erkenning aan werk (WIL) wat tans buite-kurrikulêr gedoen word. In die geval van Dogmatiek en Kerkreg het dit geblyk dat die veld binne die huidige kurrikulum nie voldoende gedek word binne die toegelate aantal modules en krediete nie, en dat die balans met die ander teologiese vakke reggestel moes word.

1.5.6 Tydraamwerk

Die kurrikulum kan vanaf die eerste studiejaar af in 2013 ingefaseer word; die registrasie behoort gedurende 2012 afgehandel te kan word. Moontlike aanpassings vir pyplynstudente (studente wat voor 2013 begin studeer het) moet nog oorweeg word; veral in die tweede tot vierde studiejare kan die oorskakeling waarskynlik gemaklik gebeur. Die gedagte is dat sodanige studente nie benadeel word deur die omskakeling na die nuwe program nie.

Besluit: Kennis geneem van die rapport in sy geheel.

24.12 AANVULLENDE RAPPORT 6 – KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – BEROEPBAARSTELLING KO, ARTT 4, 8 & 9 (TOELATING) (Art 151)

A. Dr DG Breed lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

Beroepbaarstelling in terme van KO, artt 4, 8, 9 (SR3.1)

Die November 2011-Kuratorevergadering het kennis geneem van die onderstaande riglyne, vir deursending aan die Sinode vir goedkeuring:

1.1 *Formele aspekte*

1.1.1 Konstituering

Die Kommissie, bestaande uit dr HG Stoker (s), ds PA Coetzee en prof J Smit, het op 30 Julie 2010 vergader. Dr HG stoker is as voorsitter aangewys en prof J Smit as skriba.

1.1.2 Opdrag

Benoem, in die lig van die Kommissieversoek, 'n Kommissie bestaande uit dr HG Stoker (s), ds PA Coetzee en prof J Smit om die nodige riglyne op te stel met die oog op die aard en omvang van die ondersoek van persone wat aansoek doen in terme van onderskeidelik KO, artt 4, 8 en 9 van die Kerkorde (KD-notule 17 Mei 2010:10, 11).

Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.1 kennis geneem.

1.2 *KO, art 4*

1.2.1 KO-bepaling en Sinodebesluite

KO, art 41 veronderstel die opleiding van teologiese studente én stel eksaminering2 as vereiste vir die toelating tot die diens. Sinode 2006 besluit soos volg: (i) die ideale situasie is dat teologiese studente hulle volle opleiding in Potchefstroom doen. (ii) Voorsiening kan gemaak word om die Kandidaats I-III by 'n erkende instelling òf deur middel van telematiese studie te doen. Die Kandidaats IV-VI word in Potchefstroom gedoen.3

---

1 "Die wettige beroeping en toelating van iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie en wat deur die Klassis waarin hy woonagtig is, voorbereidend (preparatoir) geëksamineer is, bestaan uit: ten eerste, die verkiesing na voorafgaande gebede, deur die Kerkraad en die diakens volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of soos deur die Kerkraad vasgestel is en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die Klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die Klassis aangewys is; ten tweede, die ondersoek na die leer en lewe (peremptoir) van die beroepene deur die Klassis (waar die beroeping ter goedkeuring voorgelê moet word) wat met advies van die Deputate van die Partikuliere Sinode moet plaasvind; ten derde, die approbasie en goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk wat daarin bestaan dat daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige beswaar ingedien is nie; ten laaste, die openlike bevestiging voor die gemeente in teenwoordigheid van die Klassikale Deputate, volgens die Formulier wat daarvoor vasgestel is."

2 Kyk Acta 1970:122 e.v. oor die samevoeging van die van die preparatoir- en peremptoir eksamens.

3 *"2.3.4 Kerkregtelike aspekte*
2.3.4.1 Aspekte ten opsigte van predikantsopleiding
2.3.4.1.1 Plek van opleiding
(i) Die ideale situasie is dat voornemende predikante hulle volledige opleiding in Potchefstroom doen. Waar nodig (soos bepaal deur studente se aansoekerlike omstandighede of die behoeftes van kerke) kan daar egter voorsiening gemaak word dat studente hulle Kandidaats I-III buite Potchefstroom aan een van die erkende instellings doen of deur middel van

1.2.2 Prosedure

1.2.2.1 By die voorneme om teologie met die oog op die verwerwing van ’n kandidaatsertifikaat te studeer moet studente by die Kuratore aanmeld. Hierdie reëling is van toepassing op alle studente – diegene wat die BTh I-III by die TSP òf by ’n erkende instelling wil voltooi.

1.2.2.2 Studente wat by die Kuratore aanmeld word by wyse van psigometriese toetse, onderhoude en ander vereistes wat tans geld, geëvalueer.

1.2.2.3 Studente wat die Kandidaats I-III met toestemming van die Kuratore by ander instansies voltooi, meld by voltooiing van die studie by die TSP aan vir ’n colloquium doctum. Hierdie colloquium is ’n assessering van 'n aansoeker se kennis en insig met die oog daarop om vas te stel of die aansoeker met die Kandidaats IV-VI kan voortgaan. Die Senaat maak ’n aanbeveling oor die vraag (i) of die aansoeker vir die Kandidaats IV-VI kan inskryf; (ii) wat die aansoeker te doen staan om sy kennis en insig te verbeter met die oog daarop om vir die Kandidaats IV-VI te kan inskryf.

1.2.2.4 Vir studente wat hulle volledige studie by 'n ander instansie voltooi het geld die volgende:

1.2.2.4.1 Kyk by 1.2.2.2.

1.2.2.4.2 'n Assessering vind plaas op grond van die sertifikaat/dokumente wat ingedien moet word, waaronder ook 'n evaluering van die instelling(s) waar die dokumente verwerf is.

1.2.2.4.3 Die aansoeker meld by die TSP aan vir ’n colloquium doctum. Die doel van hierdie colloquium is om vas te stel of die persoon se kennis op 'n standaard is vir die verkryging van 'n Kandidaatsertifikaat. Na aanleiding van die uitslag van die colloquium bevind die Senaat dat die student die Kandidaatsertifikaat kan verkry of maak verdere aanbevelings ivm die persoon.

Besluit: Punte 1.2 tot 1.2.2.4.3 kennis geneem.

1.3 *KO, art 8*

1.3.1 KO-bepaling

Iemand wat nie gestudeer het nie, sal nie tot die diens van die Woord toegelaat word nie, tensy daar sekerheid is van sy buitengewone gawes, godsaligheid, ootmoedigheid en ingetoënheid, goeie verstand en onderskeidingsvermoë sowel as gawes van welsprekendheid. As so iemand hom aanmeld, moet die klassis, as die Partikuliere Sinode dit goedvind, hom eksamineer en na gunstige bevinding hom vir 'n tyd lank private preekproewe laat lewer, om dan met hom te handel soos die klassis stigtelik oordeel.

1.3.2 Prosedure

1.3.2.1 Die aanvanklike aansoek om in terme van KO, art 8 tot die bediening toegelaat te word, word aan die aansoeker se Kerkraad gerig.

1.3.2.2 Indien die Kerkraad oordeel dat die aansoek meriete het, word die KO, art 8 aansoek (deur die aansoeker met volledige motivering soos art 8 beskryf tesame met 'n aanbeveling van die Kerkraad) by die TSP ingedien. (Dit sal verstandig wees indien die Kerkraad ook die advies van die Klassis mbt die KO, art 8 aansoek vra).

---

telematiese studie, met die Kandidaats IV-VI in Potchefstroom. Uitsondering op hierdie ideale situasie is moontlik en kan op ‘n ad hoc-basis deur die Kuratore gereël word (vgl hierbo).

(ii) As uitdrukking van eenheid in opleiding moet studente wat hulle aanvanklike studie vir Kandidaats I-III buite Potchefstroom doen, dieselfde keuringsproses deurloop as die huidige Potchefstroom studente (dit wil sê: psigometriese toetse, onderhoude en ander vereistes wat tans geld, moet ook vir hierdie studente geld). Hierdie vereiste tree eers in werking wanneer ‘n student inskryf vir BTh I (=Kandidaats I), en geld nie vir studente wat die sertifikaat, diploma of BTh (nie-Bybeltale) wil volg nie.

(iii) Alle kandidate wat predikant wil word, volg die BTh (Bybeltale) program.” (Acta 2006:803).

1.3.2.3 Die aansoeker meld by die TSP (Senaat en Kuratore) aan vir ŉ colloquium doctum. Die colloquium doctum dien as ŉ assessering van die teologiese akademiese geskiktheid van die aansoeker. Drie preke (OT, NT en HK) word geëksamineer.
1.3.2.4 Die TSP maak die uitslag van die assessering aan die Kerkraad bekend.
1.3.2.5 Die Kerkraad gee die nodige dokumentasie en motivering aan die aansoeker om by die Streeksinode aan te meld.
1.3.2.6 Indien die Streeksinode bevind dat die aansoeker slaag, word die student na 'n Klassis gestuur om 'n tyd lank preekproewe te lewer, en om dan met hom te handel soos die Klassis stigtelik oordeel.

Besluit: Punte 1.3 tot 1.3.2.6 kennis geneem.

1.4 *KO, art 9*

1.4.1 KO-bepaling

Predikers wat uit ander kerke of een of ander sekte aansluit, sal nie tot die kerkdiens toegelaat word nie, behalwe met groot versigtigheid en dit eers nadat hulle vir 'n sekere tyd goed beproef is.

1.4.2 Prosedure

1.4.2.1 Aansoekers wat uit ander kerke aansluit, moet by 'n plaaslike kerk aansluit of in proses wees of getuienis gee daarvan.
1.4.2.2 Die aanvanklike aansoek om in terme van KO, art 9 tot die bediening toegelaat te word, word normaalweg aan die aansoeker se Kerkraad gerig.
1.4.2.3 Kyk by 1.2.2.4.3.
1.4.2.4 Predikers van kerke in die buiteland kan, indien hulle nie hier aan 'n plaaslike kerk verbonde is nie, maar van voorneme is om predikant in die GKSA te word, hulle aanmeld by die TSP wat sal oordeel of artt 4/9 van toepassing is. Indien art 9 van toepassing is, word 'n colloquim doctum met die persoon gereël.

Besluit: Punte 1.4 tot 1.4.2.4 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

Die Sinode keur die riglyne (1) goed.

Besluit: Goedgekeur.

24.13 AANVULLENDE RAPPORT 7 – KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – PROSPEKTUS (Art 152)

A. Dr DG Breed lewer die rapport.
B. Die rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Kennis geneem van die rapport in sy geheel.
D. Die voorsitter, ds SD Snyman, rig ’n woord van dank aan die Kuratore en mev A Moerdyk vir harde werk gedoen.

E. RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Wysiging van Prospektusbewoording (SR2.3.11)*

1.1.1 Die Junie 2010-Kuratorevergadering het die versoek van die Kuratore Dagbestuur goedgekeur, naamlik dat die Kuratore Dagbestuur 'n moontlike herformulering van punt 5.3.15.2 en 5.3.15.3 van die Prospektus doen. Die Kuratore Dagbestuur het drr DG Breed en HG Stoker opdrag gegee om voort te gaan met die herformulering van punt 5.3.15.2 en 5.3.15.3 van die Prospektus. Die onderstaande herformulering is deur die Kuratorevergadering goedgekeur:

5.3.15.2 Indien die Kuratore (of die Dagbestuur van die Kuratore) ’n klag ontvang in verband met ’n leerdwaling en/of wanoptredes van ’n predikant van die GKSA wat as tydelike dosent klasgee, word die UK van die senaat onmiddellik in kennis gestel en word die klag aan die tydelike dosent se kerkraad deurgegee.

5.3.15.3 Indien die kerkraad besluit om die predikant (dosent) dadelik voorlopig in sy amp te skors (KO, art 79), onttrek hy hom van alle klasse waarby kandidaatstudente betrokke is. Die verdere voortgang van die werk van hierdie dosent sal afhang van die beslissing oor die klag teen die predikant (dosent) in terme van KO, artt 79, 80.

1.1.2 Vanaf die kant van die Senaat TSP is die volgende Kommissielede benoem om die Prospektusbewoording opnuut te hersien: Proff J Smit (s), RS Letšosa en GJC Jordaan. Benoeming van Kommissielede vanaf die kant van die Kuratore sal tydens die eerste Kuratore Dagbestuursvergadering in 2012 gemaak word.

Besluit: Kennis geneem van die rapport in sy geheel.

24.14 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE PRETORIA OOR VERDERE TOERUSTING VAN PREDIKANTE (Artt 159, 283)

A. Ds IW Ferreira stel die beskrywingspunt.
B. Die beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Verwys na die ad hoc Kommissie: Dr ME Schalekamp (voorsitter), dr PJ Buys, oudl J du Preez en dr G Breed (adviseur).
D. Dr PJ Buys rapporteer namens die ad hoc Kommissie.

E. BESKRYWINGSPUNT

1. Behoeftestelling as agtergrond

1.1 *Die opdrag tot toerusting*

Die opgestane Jesus Christus het in Sy triomftog (hemelvaart) kosbare gawes van toerusting deur Sy Gees aan Sy kerk (gemeente) gegee (vgl Ef 4:12). In die lig hiervan is toerusting vanselfsprekend een van die hoof fokusse van die kerklike bediening.

1.2 *Toegeruste – toerusters*

Ten einde hierdie toerustingstaak na behore te verrig kan elke *herder en leraar* (Ef 4:12) nie 'n toeruster wees as hy nie self ook (deurlopend) toegerus word vir hierdie belangrike taak nie. Dit geld ook vir die diakenamp.

1.3 *Gebrek aan toerusting*

In die drukgang van gemeentelike bediening gebeur dit dikwels dat *predikante – en ouderlinge,*[1] geen of baie min verdere toerusting vir hulle bedieningswerk ontvang. Hoewel die noodsaak besef word gebeur dit nie regtig in die praktyk nie. Verdere studie wat wel gedoen word deur sekere predikante is meestal nie op gemeentelike bediening gefokus nie terwyl die toerusting van ouderlinge baie sporadies, lukraak en sonder struktuur en kontinuiteit verloop.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.3.

2. Inisiatiewe wat geloods word

Daar is op die oomblik verskeie inisiatiewe wat geloods word[2] om ernstig navorsing te doen oor en daadwerklike toerusting te ontwerp en aan te bied vir kerklike ampsdraers. Die bedoeling is nie om dit net vir die kerke te doen nie, maar om dit saam met die kerke te doen. Plaaslike gemeentes moet in die hele proses saamwerk en die toerusting kerklik akkrediteer.

Besluit: Kennis geneem.

3. Voorstel

3.1 Kerkrade word versoek om so ver moontlik ook die predikant in staat stel om deel te neem aan verdere toerusting met die oog op gemeentelike bediening.

3.2 Kerkrade word versoek om mee te werk in die daarstelling, akkreditasie en gebruik van toerustingsmateriaal en toerustingsgeleenthede wat daarop gemik is om die gemeentelike bediening te bevoordeel.

Besluit: Aan die beskrywingspunt word gevolg gegee (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).

---

[1] Geld ook vir die diakenamp.

[2] a. Deputate van Algemene Sinode (Teologiese Opleiding); b. CRUMA (Seminare oor Church Revitalization; c. Fakulteit Teologie (Noordwes); d. Gespreksgroep: Teologiese Opleiding (Teach2Reach).

F. RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE

1. Opdrag

Die opdrag van die ad hoc Kommissie is om die Sinode te adviseer oor die wyse waarop die besluite wat die Sinode 2012 reeds geneem het oor bogenoemde sake en wat met mekaar verband hou, ordelik tot uitvoering te kan bring.

Besluit: Goedgekeur.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die Kommissie het verskeie persone gevra en geleentheid gegee om hulle insette te lewer by die Kommissie:
Dr HG Stoker, proff BJ de Klerk, TD Mashau, SJ van der Merwe, dr ALA Buys, di JGL van der Walt, JF Fleischmann, IW Ferreira en dr Leo Douma van Australië.

Besluit: Kennis geneem.

3. Bevindings

3.1 Die Kommissie het bevind dat daar soveel oorvleueling is in die sake wat in die verskillende Beskrywingspunte en die Rapport aangeraak word, dat dit noodsaaklik is om EEN Deputaatskap aan te wys.

3.2 Om seker te maak dat al die sake genoegsame aandag geniet is dit ook noodsaaklik dat die Deputate in subgroepe kan onderverdeel soos nodig met ’n opdrag om al die sake deeglik te hanteer.

3.3 Dit is ook nodig dat hulle die mandaat het om wanneer nodig ander lede en spesialiste op spesifieke terreine te koöpteer.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 kennis geneem.

4. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

4.1 Die Sinode wys Deputate aan om al bogenoemde sake tot uitvoer te bring.

4.2 Die opdrag van die Deputate is om die opdragte in Beskrywingspunte by 24.14, 24.15 en 25.4 [in Handelinge 2012] asook die twee stelle opdragte in die Rapport 24.6 uit te voer.

Besluit: Punte 4.1 en 4.2 goedgekeur.

24.15 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE NOORDWES OOR TEOLOGIESE OPLEIDING (Artt 160, 283)

A. Ds JJ Venter stel die beskrywingspunt.
B. Die beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Verwys na die ad hoc kommissie: Dr ME Schalekamp (voorsitter), dr PJ Buys, oudl J du Preez en dr G Breed (adviseur).
D. Dr PJ Buys rapporteer namens die ad hoc kommissie.

E. BESKRYWINGSPUNT

Versoek aan die Teologiese Skool Potchefstroom ten opsigte van die behoefte van die Kerke aan teologiese opleiding op die vlak van kort kursusse, sertifikaat, diploma en graad.

Die Kuratore van Teologiese Skool word versoek om in samewerking met die TSP, Fakulteit en Departemente Teologie van die NWU:

1. dringend en daadwerklik aandag te gee aan die behoefte van die kerke aan teologiese opleiding dmv kort kursusse, asook op geakkrediteerde Sertifikaat en Diploma vlak.
2. die teologiese graadopleiding van predikante aan te pas sodat die missionêre (missionele) opdrag vanuit die Koninkryksperspektief 'n fundamentele deel van die opleiding sal uitmaak.
3. aan bogenoemde sake aandag te gee aanvullend en aansluitend tot die besluite van die Nasionale Sinode (Potchefstroom), Acta 2003 (728, 1:1) en 2006 (806, 2.3.7.12) en die Algemene Sinode, Acta 2009 (813, 1.5).

Motivering

1. Die Teologiese Skool is die opleidingsinstansie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat 'n kontraktuele ooreenkoms met die NWU het. Die NWU stel ook gemeenskapdiens as 'n prioriteit.
2. Toerusting van gelowiges (in die amp van die gelowige en die amp van die besondere dienste) is wesentlik deel van kerkwees (Ef 4; 2 Tim 2;2). Kerke moet die verantwoordelikheid hiervoor tot op 'n bepaalde vlak aanvaar, maar vir toerusting op 'n meer gevorderde vlak is gekwalifieerde- en georganiseerde kundigheid nodig.
3. Toerusting / Opleiding behoort voorsien te word aan lidmate, ouderlinge, diakens en ander kerkleiers (en geïdentifiseerde kerkleiers) volgens elkeen se behoefte, omstandigheid en realiteit, bv. finansies, werksomstandighede, geletterdheid, plekgebondenheid, gemeente-gebondenheid, ens. Ook hiervoor moet Kerke die verantwoordelikheid vir toerusting / opleiding tot op 'n bepaalde vlak aanvaar, maar vir toerusting / opleiding op 'n meer gevorderde vlak is gekwalifiseerde- en georganiseerde kundigheid nodig.
4. Ouderlinge, diakens en ander kerkleiers behoort so toegerus te word en ook van sodanige hulpmiddels voorsien te word dat hulle ander weer kan toerus (2 Tim 2:2).
5. Gemeentes (lidmate en leiers) moet gelei en toegerus word om Missionêre (Missionele) Kerke te wees. God het nie vir Sy kerk 'n sendingopdrag gegee nie, maar vir Sy sending (Missio Dei) 'n Kerk daargestel.
6. Opleiding in evangelisasie, kerkplanting en kerkgroei behoort 'n wesentlike deel van die opleidingsmateriaal te wees.
7. Die Kerke se opleiding kan nie soos tans, beperk word deur die Owerhede en die Universiteit deur te bepaal dat net Graadopleiding gegee word nie.
8. Tans word hoofsaaklik net die gawes van die professore by Teologiese Skool gebruik vir opleiding. Daar is baie gawes landswyd in die Kerke beskikbaar. Indien almal – wat op hulle gebied gekwalifiseer is – volgens behoefte opleiding kan gee, is die kapasiteit soveel groter. Dit sal egter gekoördineerd en steeds van 'n hoë gehalte moet wees.

9. Alhoewel die huidige Teologiese Skool (Potchefstroom) ook gedeeltelik deur die Kerke befonds word, kan meer fondse bekom word as opleiding nie net deur die Teologiese Skool nie, maar ook wyer en meer gedesentraliseerd deur plaaslike kerke, die Klassisse en die Streeksinodes plaasvind en vir die wydste moontlike groep mense toeganklik en beskikbaar is.
10. Die Teologiese Skool (Potchefstroom) en die Noordwes Universiteit kan op hierdie wyse saam met die plaaslike kerke, Klassisse, Streeksinodes en verskillende Bybelskole wat reeds bestaan, baie meer diensbaar word aan die kerke en gemeenskappe wat dit bedien. Op die manier kan persone op ondergraadse vlak toegerus te word om hulle verder te bekwaam, waaruit kandidate vir teologiese graadstudie kan kom. Daar is 'n onontginde veld onder ons eie kerke asook onder die Onafhanklike Kerke wat so benut kan word vir die verkondiging van die evangelie en die koninkryk van God. Met hierdie ondergraadse opleiding kan kerkplanting en kerkgroei daadwerklik bevorder word.
11. Die Bybelse waarhede (Reformatoriese- of Gereformeerde leer) kan hierdeur wyer verkondig en onderrig word.
12. Predikante word in die die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie deur die huidige graadopleiding genoegsaam opgelei om kerkplanting en kerkgroei te bevorder nie. Dit word onder andere gereflekteer in die dalende lidmaat getalle, 'n eensydige na-binne-gerigte benadering en 'n gebrek aan missionêre ywer en – leierskap.

Besluit: Aan die beskrywingspunt word gevolg gegee (wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge).

F. RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE

1. Opdrag

Die opdrag van die ad hoc Kommissie is om die Sinode te adviseer oor die wyse waarop die besluite wat die Sinode 2012 reeds geneem het oor bogenoemde sake en wat met mekaar verband hou, ordelik tot uitvoering te kan bring.

Besluit: Goedgekeur.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die Kommissie het verskeie persone gevra en geleentheid gegee om hulle insette te lewer by die Kommissie:
Dr HG Stoker, proff BJ de Klerk, TD Mashau, SJ van der Merwe, dr ALA Buys, di JGL van der Walt, JF Fleischmann, IW Ferreira en dr Leo Douma van Australië.

Besluit: Kennis geneem.

3. Bevindings

3.1 Die Kommissie het bevind dat daar soveel oorvleueling is in die sake wat in die verskillende Beskrywingspunte en die Rapport aangeraak word, dat dit noodsaaklik is om EEN Deputaatskap aan te wys.
3.2 Om seker te maak dat al die sake genoegsame aandag geniet is dit ook noodsaaklik dat die Deputate in subgroepe kan onderverdeel soos nodig met 'n opdrag om al die sake deeglik te hanteer.
3.3 Dit is ook nodig dat hulle die mandaat het om wanneer nodig ander lede en spesialiste op spesifieke terreine te koöpteer.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 kennis geneem.

4. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

4.1 Die Sinode wys Deputate aan om al bogenoemde sake tot uitvoer te bring.
4.2 Die opdrag van die Deputate is om die opdragte in Beskrywingspunte by 24.14, 24.15 en 25.4 [in Handelinge 2012] asook die twee stelle opdragte in die Rapport 24.6 uit te voer.

Besluit: Punte 4.1 en 4.2 goedgekeur.

25. Maatskaplike Sake

25.1 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE VRYSTAAT EN KWAZULU-NATAL – BESPREKINGSPUNT 1 – TEKENS DAT DIE GKSA, IN DIE ALGEMEEN BESKOU, 'N KWYNENDE KERKGEMEENSKAP IS (Art 209)

A. Dr SJ van der Walt stel die beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die beskrywingspunt word nie ontvanklik verklaar nie (die beskrywingspunt word nie gepubliseer nie – Deputate Handelinge).

25.2 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE VRYSTAAT EN KWAZULU-NATAL – BESPREKINGSPUNT 2 – WAAROM SOMMIGE JONGMENSE NA BELYDENIS VAN GELOOF NIE MEER IN DIE GKSA GELUKKIG IS NIE (Art 210)

C. Dr SJ van der Walt stel die beskrywingspunt.
D. **Besluit:** Die beskrywingspunt word nie ontvanklik verklaar nie (die beskrywingspunt word nie gepubliseer nie – Deputate Handelinge).

25.3 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE VRYSTAAT EN KWAZULU-NATAL – BESPREKINGSPUNT 3 – HOË PERSENTASIE WERKLOOSHEID IN SA EN DIE GKSA (Art 211)

E. Dr SJ van der Walt stel die beskrywingspunt.
F. **Besluit:** Die beskrywingspunt word nie ontvanklik verklaar nie (die beskrywingspunt word nie gepubliseer nie – Deputate Handelinge).

25.4 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE VRYSTAAT EN KWAZULU-NATAL – OMKEERSTRATEGIE (Artt 212, 283)

A. Oudl RJ Muller stel die beskrywingspunt.
B. Die beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.
C. **Besluit:** Verwys na die ad hoc kommissie: Dr ME Schalekamp (voorsitter), dr PJ Buys, oudl J du Preez en dr G Breed (adviseur).
D. Dr PJ Buys rapporteer namens die ad hoc kommissie.

E. BESKRYWINGSPUNT

1. Agtergrond

Die Kerkraad van die GK Frankfort het tydens sy vergadering van 13 September 2011 oor die dalende tendens in lidmaat getalle in Klassis Oos-Vrystaat en die kerke in Suid-Afrika in die algemeen gehandel, en het die volgende Beskrywingspunt aan die Klassis Oos-Vrystaat voorgelê, wat dit na die Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal deurgestuur het, wat dit hiermee na verwerking deurstuur na die Algemene Sinode:

2. Uiteensetting

2.1 *Dalende lidmaat getalle in klassis Oos-Vrystaat en die GKSA die afgelope 40 jaar*

In 1971 was daar 104 000 lidmate in die GKSA. Hiervan was 40 000, of 38% dooplidmate. Tans is daar tussen 80 000 en 90 000 lidmate. Hiervan is 63 000 lidmate van die ou Afrikaanse Gereformeerde Kerke. Hierdie gemeentes se getalle het dus gedaal van 104 000 na 63 000, dws byna 40 %. Van hierdie getal is daar minder as 10 000 dooplidmate, d.w.s. 16% teenoor 38% in 1971.

Die Klassis se lidmate het sedert 1971 met 31% gedaal , teenoor die kerkverband se byna 40%,ten spyte van die bevolkingsverskuiwing na stede. Sommige gemeentes het te klein geword om selfonderhoudend te wees en ontvang daarom sustentasie.

Sustentasie, in die geval van dalende getalle, oor 'n lang tydperk, spreek egter meer die simptoom van die probleem aan as wat dit die oorsaak aanspreek.

2.2 *Missionêr gerigte lidmate, Kerkrade, gemeentes en kerkverband*

GKSA gemeentes moet met groter effektiwiteit die groot opdrag van die Here in Matteus 28:19-20 uitvoer, deur gevolg te gee aan Christus se tweeledige beklemtoning “maak dissipels van al die nasies” en “leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” Ons troos is dat terwyl ons dit met groot ywer uitvoer, dit nie afhang van menslike vindingrykheid, kreatiwiteit of vermoë wat die sukses van hierdie opdrag verseker nie, maar wel Christus se belofte: “Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld” (Matt 28: 19-20).

Ons as kerk van die Here verheerlik Hom deur die uitdra van die evangelie, die maak van dissipels en die koestering van hulle tot geestelike volwassenheid, waar hulle as deel van die liggaam van Christus hulle gawes optimum kan gebruik.

Dit is die wil van God dat elke gelowige behoorlike begeleiding sal ontvang. Hierdie werk verg baie tyd, gawes en getrouheid. Geestelike volwassenheid word gesien in die vrugbaarheid in die lewe en werk van gelowiges as deel van die kerk en daar buite. Effektiewe en verantwoordelike koestering en begeleiding sal die bedieningswerk van ŉ gemeente laat groei.

Kerke moet fokus op die ontwikkeling van leiers, sodat hulle op hulle beurt ander kan begelei. Effektiewe toerusting van God se mense eise getroue, effektiewe en bekwame bediening van die Woord deur goed toegeruste bekwame herders en leraars.

Kerke moet aangemoedig word om die invloed van kerk-kultuur en –etos op sy taak deur te dink. Kerk-etos is nie iets wat net gebeur nie. Dit is ŉ samevloeiing van die houdings, waardes en gedrag van lidmate en leiers. 'n Kerk-etos kan nie geskep of gewysig word bloot deur woorde en Sinodebesluite nie. Etos is wat ons eintlik doen as kerk, is die ware toedrag van sake – hoe die lidmate en gemeentes werklik lewe en hul geloof tot uitdrukking bring.

Daar moet dus gefokus word op die doelbewuste skepping, ontwikkeling en koestering van 'n kerklike omgewing waar dissipels groei en vermeerder, waar gemeentes tekens van ‘n gesonde en kragtige Bybelse lewe vertoon, en waar hierdie kerke besig is om kerke te plant wat op hul beurt nog meer kerke gaan plant. Dit is hoe gemeentes behoort te funksioneer waar God aan die werk is.

Ons roeping is om eg te wees in ons geloofsvertroue dat die Here ons sal seën as ons hierdie taak wat Hy aan Sy kerk gee uitvoer. Dit is ook 'n seën om hierin as gemeentes te kan saamwerk. Saam kan ons mekaar aanmoedig en dankbaar op verskeie maniere die vrug op die werk ervaar. Ons bid dan ook vir goeie vrugte. Swak vrugte of geen vrugte is nie 'n opsie nie.

Dit bring vir ons nog 'n uitdaging, naamlik om kreatief en innoverend te wees. Groei en gepaardgaande verandering is nie iets opsioneel in die lewe van ’n gelowige of in enige gemeente nie. Nuwe benaderings om die ou waarhede in ooreenstemming met wat God in Sy Woord sê, in die lewe van mense en kerke in te dra, behoort op ’n verantwoordelike manier daargestel te word. Die GKSA moet bekend wees as ’n kerk wat 'n katalisator is vir Bybelse verandering. So kan by groei en volwassewording uitgekom word. Dit is 'n integrale aspek van kerkwees om te streef na die volwassenheid waartoe die Here ons roep. Dit moet goed beplan word en doelgerig, standhoudend, gefokus en dwarsdeur die kerkverband uitgevoer word. Dit is belangrik dat mense tot verandering geroep word, en nie net veranderinge aangebring word nie. Dit is ook belangrik dat alle vlakke van ons kerkregering sal inpas by hierdie bedieningsfokus.

3. Bevinding

Die GKSA het die grootste “skat” en waarheid om te verkondig, met baie goeie opgeleide predikante. Die bedienigsfokus van predikante, Kerkrade en gemeentes moet so verander dat hierdie “skat” verpak kan word op ’n wyse wat mense aanspreek.

Indien die GKSA Christus se beeld uitdra soos Hy dit in sy Woord aan ons leer en so die nood van die wêreld aanspreek, vertrou ons dat die kerk van die Here weer sal groei. Daarom is dit uiters belangrik dat ’n omdraai strategie daargestel word. Ons word deur omstandighede verplig om ons plig uit te voer, om alles in ons vermoë te doen om positiewe groei te bewerkstellig, gegrond op die suiwer verkondiging van die Woord van God, asook die egte uitlewing daarvan.

4. Aanbeveling

4.1 Dat ’n omkeerstrategie in die GKSA uitgewerk, beplan en gevolg word om die dalende tendens in lidmaatgetalle in die GKSA en ander kerke in Suidelike Afrika om te draai, sodat die kerk van ons Here in Suidelike Afrika kan groei en Sy koninkryk so uitgebou kan word.

4.2 In antwoord op Christus se opdrag tot die uitdra van die evangelie, en op dit wat Hy Sy kerk geroep het om te doen en te wees, word elke gemeente en meerdere vergadering van die GKSA opgeroep om afsonderlik en gesamentlik te beplan om kerke te wees wat God verheerlik deur mense te begelei tot geloofsvolwassenheid, sodat gelowiges saam verantwoordelikheid kan neem om mense en gemeenskappe onder die gesag van Christus te bring.

4.3 Dat in afhanklikheid van God in elke gemeente en kerklike vergadering van die Here gesmeek word dat ons as gelowiges onder leiding van Sy Gees, sal soek om ons Verlosser te behaag in alles wat ons doen, ’n godvrugte lewe sal leef, en gevul sal wees met ’n biddende en opofferende deernis vir diegene in die hele wêreld wat verlore is.

4.4 Dat elke plaaslike kerke opgeroep word om getallegewys uit te brei, hul lidmate toe te rus en te versorg, en die moeder-kerke te word van soveel as moontlik geloofsgroepe en gemeentes, asook om deur inisiatiewe en samewerking in te dring met die evangelie in strukture van die samelewing wat buite die bereik van die plaaslike kerk is.

4.5 Dat die GKSA haar ten doel stel om die aantal goed opgeleide persone (georden, nie-georden, voltyds, deeltyds, vrywillig) te vermenigvuldig, wat die evangelie kan uitdra op ‘n liefdevolle, toegewyde wyse op elke moontlike lewensterrein.
4.6 Dat die lewenswyse van die GKSA (insluitende ons kerk etos, gewoontes, Kerkorde, die gebruik van hulpbronne, kerklike Deputaatskappe, ondersteuningspersoneel ens.) voortdurend hervorm word, om aan die opdrag van ons Here aan ons as die kerk te kan voldoen.
4.7 Studiedeputate moet aangewys word om studie te doen
4.7.1 Van gemeentes wat groei en van gemeentes wat krimp, en om in te gaan wat sulke gemeentes in gemeen het.
4.7.2 Van omkeerstrategieë wat in ander kerke oor die wêreld uitgevoer is, en die resultaat daarvan.
4.7.3 Van hoe lidmate kerkwees en hulle roeping daarin ervaar.
4.7.4 Van materiaal wat beskikbaar is vir die opleiding van lidmate, asook die ontwikkeling van nuwe materiaal.
4.7.5 Van die suiwerheid en toepaslikheid van die leer wat op elke vlak verkondig word, asook hoe dit verder uitgebou kan word.

Besluit: Aan die beskrywingspunt word gevolg gegee.

F. RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE

1. Opdrag

Die opdrag van die ad hoc Kommissie is om die Sinode te adviseer oor die wyse waarop die besluite wat die Sinode 2012 reeds geneem het oor bogenoemde sake en wat met mekaar verband hou, ordelik tot uitvoering te kan bring.

Besluit: Goedgekeur.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die Kommissie het verskeie persone gevra en geleentheid gegee om hulle insette te lewer by die Kommissie:
Dr HG Stoker, proff BJ de Klerk, TD Mashau, SJ van der Merwe, dr ALA Buys, di JGL van der Walt, JF Fleischmann, IW Ferreira en dr Leo Douma van Australië.

Besluit: Kennis geneem.

3. Bevindings

3.1 Die Kommissie het bevind dat daar soveel oorvleueling is in die sake wat in die verskillende Beskrywingspunte en die Rapport aangeraak word, dat dit noodsaaklik is om EEN Deputaatskap aan te wys.
3.2 Om seker te maak dat al die sake genoegsame aandag geniet is dit ook noodsaaklik dat die Deputate in subgroepe kan onderverdeel soos nodig met ’n opdrag om al die sake deeglik te hanteer.
3.3 Dit is ook nodig dat hulle die mandaat het om wanneer nodig ander lede en spesialiste op spesifieke terreine te koöpteer.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 kennis geneem.

4. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

4.1 Die Sinode wys Deputate aan om al bogenoemde sake tot uitvoer te bring.
4.2 Die opdrag van die Deputate is om die opdragte in Beskrywingspunte by 24.14, 24.15 en 25.4 [in Handelinge 2012] asook die twee stelle opdragte in die Rapport 24.6 uit te voer.

Besluit: Punte 4.1 en 4.2 goedgekeur.

25.5 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE NOORDWES OOR OPENBARE GETUIENIS OOR DIE EKOLOGIESE KRISIS (Art 213)

A. Ds HS Coetzee stel die beskrywingspunt.
B. Die beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. BESKRYWINGSPUNT
Openbare getuienis oor die ekologiese krisis – vanuit Suid-Afrika.

Streeksinode Noordwes het op sy sitting van 22 November 2011 aan die volgende Beskrywingspunt gevolg gegee met die bedoeling om dit op die Agenda van die Algemene Sinode te plaas.
Die bedoeling van die Beskrywingspunt is:
(a) die Algemene Sinode van die GKSA neem 'n besluit oor die saak en daarna 'n getuienis die wêreld instuur
(b) hierdie Beskrywingspunt as stimulus kan dien sodat die Sinode vir die GKSA 'n vaste belydenis of standpunt oor hierdie saak sou kon ontwikkel.

Openbare getuienis oor die ekologiese krisis vanuit Suid-Afrika

Ons bely
1. dat die goeie God die planeet aarde en die groot heelal geskape het en dat die aarde en die volheid daarvan aan Hom behoort; Hy is die groot Eienaar en Regeerder van alles (Gen 1,2, Jes 40:26, NGB, art 12, HK, So 9)
2. dat Hy die mens na sy beeld geskape het en aan die mens die opdrag en verantwoordelikheid gegee het om die skepping te bewoon, te bewerk, te beheers en te bewaak (Gen 1:27, 28, Ps 8:4-9)
3. dat die mens vanweë sy magsug, eersug, hebsug en genotsug die ganse skepping in wanorde en chaos gedompel het en dat die duidelike tekens daarvan oral te sien is in gebroke verhoudings van die mens met God en sy medemens en in vernieling en selfs vernietiging van die omgewing en natuur (Gen 3:17-19, Rom 8:19-22, NGB, art 14)
4. dat God in Jesus Christus en deur sy Gees 'n nuwe begin in hierdie stukkende wêreld gemaak het en dat Hy aan mense nuwe harte gee om in alle opsigte nuut te dink en te lewe (Op 21:5) verder dat sy koninkryk van vrede, vryheid en heelheid aangebreek het en dat Hy ons as mense in hierdie proses van heling en vernuwing betrek
5. dat Hy uiteindelik – deur die oordeel heen - 'n nuwe skepping belowe en dat Hy ons as mense oproep om nou reeds in daardie rigting te lewe en daarheen op weg te gaan (2 Pet 3:10-13, Op 21:1-5)
6. dat die tyd aangebreek het dat, waar in die verlede besondere aandag gegee is aan die herstel van die mens se verhouding tot God asook die herstel van mense se verhoudings onderling, daar ook gefokus moet word op die mens se verhouding tot die geskape werklikheid (Deut 22:6, Spr 12:10-11).

Ons is diep besorg oor
1. die ongebreidelde bevolkingsaanwas van baie volkere op aarde wat toenemende en onhoudbare druk op die aarde se beperkte hulpbronne en lewensonderhoudstelsels plaas
2. die toenemend-onvolhoubare vlakke van uitbuiting en besoedeling van die biosfeer, atmosfeer en hidrosfeer deur die mens in sy selfsugtige soeke na meer hulpbronne en energie ter wille van ekonomiese welvaart
3. die genadelose wyse waarop sommige lande, organisasies en individue voortgaan om die omgewing te vernietig ter wille van eie gewin, en
4. die uiters oneweredige verspreiding van welvaart op aarde, sodat sommige mense in ellende en hongersnood verkeer terwyl andere in oorvloed en oordaad lewe.

Wat Suid-Afrika betref

Ten spyte van die pogings van verskeie groepe en toegewyde individue om God se aarde te beskerm, is ons besorg oor:

1. die groot koolstofvoetspoor van Suid-Afrika wat ten spyte van internasionale tendense, steeds primêr konsentreer op die ontginning en verwerking van fossielbrandstowwe om in ons energiebehoeftes te voorsien
2. die onvolhoubare uitbuiting van ons mariene hulpbronne deur inheemse sowel as uitheemse volkere en organisasies
3. die verswakkende watergehalte in ons riviere agv swak-funksionerende stedelike afvalwaterbehandelingsaanlegte, asook besoedeling van oppervlak- en grondwater-bronne deur operasionele en uitgewerkte myne, industrieë en die landbousektor
4. toenemende besoedeling van ons grond deur elektroniese-, mediese-, huishoudelike-, industriële- en mynafval
5. onvolhoubare erosie van kosbare landbougrond agv nie-volhoubare bewerkingsmetodes en oorbeweiding
6. die verlies aan biodiversiteit agv 'n voortdurende uitbuiting en vernietiging van die omgewing deur mense
7. die skynbare onvermoë van leiers om die onvolhoubare gaping tussen ryk en arm te verklein.

Ons doen 'n beroep op alle mense, alle maatskappye, alle nywerhede, alle regerings en alle godsdiensgroepe en kerke in die wêreld

1. om 'n totale mentaliteitsverandering te ondergaan waarin groter waardering en sensitiwiteit vir die omgewing as skepping van God ontwikkel word
2. om 'n duidelike, ondubbelsinnige en openbare standpunt in te neem teen die enorme besoedeling en misbruik van die skepping van God
3. om ons verantwoordelikheid t.o.v die omgewing na te kom, die besoedeling, vernieling en vernietiging daarvan te staak en verantwoordelike ontwikkelingsprogramme daar te stel ten einde 'n leefbare aarde aan ons nageslag na te laat
4. om 'n eenvoudiger leefstyl aan te leer en groter mededeelsaamheid teenoor armes en minderbevoorregtes te openbaar
5. om 'n gesonde balans tussen bewaring en ontwikkeling te vind wat enersyds die armes sal help om menswaardig te leef maar wat andersyds nie die natuurlike hulpbronne sal uitput en die omgewing onnodig sal skend nie
6. om groter klem te lê op die herwinning en hergebruik van afvalmateriaal
7. om die verpakking van produkte op ekologies-sensitiewe wyse te doen, met besondere aandag aan die uitfasering van plastiek as verpakkingsmateriaal
8. om doelgerig te strewe na die ontwikkeling van alternatiewe, volhoubare energiebronne
9. om kweekhuisgas-vrystellings drasties te verminder om mensgedrewe klimaatsverandering te beperk
10. om gesinsbeplanning op verantwoordelike wyse aan te pak en dat leiers hierin duidelike leiding sal gee
11. om godsdiensgroepe en kerke op te roep om hulle profetiese getuienis in verband met ekologiese vraagstukke duideliker en meer indringend na te kom
12. om voortdurend voorbidding daarvoor te doen dat mense verantwoordelik met die skepping as kosbare gawe van God sal omgaan en dat die koninkryk van God spoedig in sy volheid sal kom

Besluit:

1. **Aan die beskrywingspunt word gevolg gegee (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).**
2. **Deputate word aangewys om die getuienis verder te verfyn en aan die volgende Sinode voor te lê.**